

DEEL A.

GROEI EN WOELING (1679 — 1707).

Hierdie tydperk val in twee dele, en so verskillend is hulle van mekaar, dat hulle as twee aparte periodes van ons geskiedenis moet beskou word. Daarom word Boek III onderverdeel in dele A en B.

In deel A, wat die regeringstyd van die Van der Stels omvat, is groei op velerlei gebiede en onder dramatiese omstandighede, maar nog altyd binne eng geografiese grense, die hoofsaak. Skokkende gebeurtenisse volg mekaar snel op, en interessante historiese figure tree op die voorgrond. Die eenvoudige neersetting word nou werklik 'n belangrike kolonie, maar afgesien van 'n paar veeboer-pioniers woon die koloniste nog altyd suid en wes van die eerste bergreeks. Die regeringstelsel kry sy beslag en neem, ook wat sy onderdele betref, dié vorm aan, wat dit tot die end van die Hollandse tyd sou behou. Die koloniste, deur emigrasie aansienlik versterk en in 'n gemeenskaplike stryd tot 'n hegte eenheid verbind, staan klaar om die binneland in te trek.

HOOFSTUK I.

SIMON VAN DER STEL (1679 — 1699).

§ 1. Simon van der Stel en sy Famielie.

Simon van der Stel is op 14 Oktober 1639 op Mouritius, waar sy vader Adriaan kommandeur was, gebore. Algemeen is later geglo dat hy nie die seun van die wettige eggenote van Adriaan van der Stel, Maria Lievens, was nie, maar wel van 'n gekleurde vrou, Monica da Costa, of, soos die Nederlanders haar genoem het, Mai Monica van de Kust, en sy donker gelaatskleur het hierdie geloof nie teengespreek nie. Hoe dit ook sy, Simon van der Stel het 'n goeie opvoeding in Nederland gekry en is daar getroud met Jacoba Six, 'n dame uit een van die beste famielies van Amsterdam. Nes sy vader, het hy in die diens van die Oosindiese Kompanjie getree, en in 1679 is hy tot opvolger van Johan Bax benoem. Op 12 Oktober 1679 het die nuwe kommandeur (die goewerneurstietel het hy eers in 1691 gekry) sy pligte aan die Kaap aanvaar. Sy vrou het hom nie hierheen vergesel nie, en hulle het mekaar nooit weer gesien nie, maar al vier sy seuns het 'n geruime tyd hier deurgebring, en die oudste, Willem Adriaan, met Frans, die Benjamin van die famielie, sou 'n onsterflike berugtheid onder die Kaapse koloniste verwerf.

Simon van der Stel verdien om aan die begin van 'n nuwe periode in ons geskiedenis op die voorgrond gestel te word. Hy was werklik 'n man van buitengewone bekwaamheid en energie, en hy het veel tot stand gebring. Sy regeringstyd word gekenmerk deur groot aktiwiteit op baie gebiede, deur groei en ontwikkeling in verskillende rigtings, en by alles wat plaasgevind het, was hy direk of indirek betrokke.

§ 2. Kolonisasie tot 1687.

Jan van Riebeeck het na Suid-Afrika gekom sonder 'n plan of 'n opdrag om 'n kolonie te stig. Toe Simon van der Stel sy werk hier begin, was die tweede geslag van egte koloniste reeds meerderjarig, trek die veeboere al oor die Kaapse vlakke na die

Eersterivier, bestaan Kompanjiesposte in Hottentots-Holland en by die Tierberg en Sandanhabaai, en was kolonisasie, wat Suid-Afrika betref, 'n onderdeel van die praktiese politiek van Here XVII. Waar Jan van Riebeeck die Stigter teen Wil en Dank net die bal wat reeds aan die rol was vorentoe stoot; maar dat was, kon Simon van der Stel na hartelus koloniseer; hy moes hy dit so ver gebring het, moet in die eerste plek aan sy ywer en geesdrif toegeskrywe word. Hy was 'n vurige Nederlandse patriot, en van die staanspoor af was dit sy groot ambisie om hier 'n nuwe Nederland te laat ontstaan, 'n egte kolonie van die moederland met 'n digte, hardwerkende, landbouende deur-en-deur Nederlandse bevolking. Veral één ding het hom by die uitvoering van sy planne gedurig gehinder, — die gebrek aan koloniste. Al sy aanmoediging en al die propagandawerk van Here Meesters in Nederland kon die immigrasiestroom nie baie groot laat word nie; selfs groot Europese omwentelinge, waarvan ons sal moet melding maak, het op slot van sake slegs 'n paar honderd nuwe inwoners hierheen gebring; maar die kommandeur was miskien ook 'n bietjie te kieskeurig: die immigrante moes deeglike, hardwerkende mense wees, en liefs getroud daarby, en om die eg-Nederlandse kleur van die Kolonie te bewaar, wou hy nie te veel vreemdelinge toelaat nie.

Die koloniserende neiging van Simon van der Stel het dadelik aan die dag getree. Drie weke na sy aanvaarding van die regering gaan hy op reis na Hottentots-Holland om die buiteposte te inspekteer en die land te leer ken. Hy keer op 'n omweg terug en bereik so die mooi dal waar Stellenbosch vandag geleë is. Op 'n eiland tussen twee lope van die Eersterivier, onder een van die pragtige bome waarmee die dal bedek was, slaan hy sy tent op, en toe hy so die kabbelende waters en die vrugbare aarde in lentegroen en geurige blomme gedos, besien, besluit hy om die kolonisasie hierheen uit te brei. Hy noem die plek Stellenbosch, en na sy terugkoms in Kaapstad is bekend gemaak dat plase hier beskikbaar was: die koloniste kon self hulle grond uitsoek en sou soveel in eiendom kry as wat hulle kon bewerk; hulle kon ook vee aanhou en die onopgemete Kompanjiesgronde vir weiveld gebruik; die aanplant van tabak was egter verbode, want dit kon aanleiding gee tot die onwettige veeruil. Teen die end van die jaar 1679 het één boer hom reeds hier kom vestig, en voor die winterreëns van die volgende jaar begin val, het ag famielies hom gevolg.

Stellenbosch het dus as 'n landboukolonie ontstaan. Vandaar sy snelle ontwikkeling tot 'n dorp. In September 1683 woon daar reeds 'n dertig famielies taamlik naby mekaar, en hulle

versoek die Politieke Raad om 'n sieketrooster aan te stel, wat Sondags 'n preek vir hulle kan lees en in die week as onderwyser werksaam kan wees. Aan hierdie versoek is onmiddellik voldoen; 'n woonhuis vir die onderwyser met 'n groot saal daarin, wat ook vir kerklike doeleindes geskik was, is op koste van die Kompanjie opgerig, en Sybrand Mankadan het sy intrek daarin geneem en die eerste liggie in die groot vuurtoring van onderwys, wat later hier sou brand, aangesteek. Simon van der Stel het 'n lewendige belangstelling in sy stigting getoon. In 1686 het hy, in navolging van die vaderlandse gebruik, 'n kermis op Stellenbosch ingestel, wat daarna jaarliks gehou is. Dit het van 1 tot 14 Oktober geduur en was 'n groot feestelikheid wat nie alleen deur die burgers van die omgewing nie, maar ook deur die Kapenaars bygewoon is. Miliesie-oefeninge, skyfskiet na 'n houtpappegaai en vermaaklikhede van allerlei aard het die dae gevul, en op die laaste dag, die verjaarsdag van die kommandeur, het hy die gelukwense van die burgers ontvang. Dan was ook skoolvakansie, en die kinders, in deftige prosesie met Meester Mankadan aan die hoof, het hulle felisitasies by die van hulle ouers gevoeg.

In 1685 het Here Meesters in Nederland weer op 'n groot skaal probeer om emigrasie na Suid-Afrika aan te moedig. Baie gunstige voorwaardes is aangebied: geskikte koloniste sou kosteloos hierheen gebring word, eiendomsplase so groot soos hulle kon bewerk ontvang, en benodighede uit die Kompanjies-pakhuis op krediet kry. Skikkings is ook getref om fatsoenlike weesmeisies onder behoorlike geleide te stuur. As gevolg van hierdie pogings het die immigrasiestroom in Suid-Afrika tog toegeneem, en nuwe vanne, soos Beyers, de Klerk, Möller, Myburgh, Prinsloo, Russouw, Scheepers, ens., duik in ons samelewing op. By die kermis van 1687 op Stellenbosch het geblyk dat meer as twintig koloniste graag plase wou hê. 'n Tweede binnelandse stigting was dus moontlik, en op 16 Oktober het Simon van der Stel oor Helshoogte gery en grond langs die Bergrivier op dieselfde voorwaardes soos in Stellenbosch uitgedeel. Die nuwe landbou-kolonie het ook betreklik gou en veral na die koms van die Hugenote digbevolkte punte besit, en so ontstaan aan die voet van die rotsbekroonde berg, wat in Van Riebeeck se tyd sy naam gekry het, 'n nuwe dorp, die Pêrel, wat heerlik en gunstig geleë, op baie gebiede, onderwys, landbou en industrie, 'n hoofrol in ons ontwikkeling sou speel, en 'n jaar later die meer afgesonderde, bergomkranste Franshoek.

Die aankoms van die die Hugenote word somtyds as dié groot mylpaal in die kolonisasie van Suid-Afrika gedurende die

Hollandse tyd beskou. Ons sien egter dat Simon van der Stel in die eerste ag jaar van sy regering ál die dele geopen het waar hulle later sou woon; en teen die end van die jaar 1687 het die Kaapkolonie ook wat die getalsterkte van die blank inwoners betref, reeds mooi vooruitgegaan. Die koloniste was oor die 600 siele sterk; hulle het 3,000 beeste en 30,000 skape besit, 2,000 mud graan geoes, en van 400,000 wingerdstokke wyn gepars. Die verfraaiing van die boland deur die aanplant van akkerbome, 'n lieflingsidee van Simon die Boomplanter, soos hy wel mag genoem word, en die verandering van die prosaiese Kompanjiestuin in Kaapstad tot 'n wêreldberoemde botaniese paradys, dateer ook uit hierdie jare.

§ 3. Konstitusionele Ontwikkeling.

Die belangrikste konstitusionele nuwigheid in die tyd van Simon van der Stel staan in die nouste verband met sy koloniserende aktiwiteit. Onmiddellik na die stigting van Stellenbosch is die behoefte gevoel om vir die nuwe distrik 'n bestuur te skep, en gedeeltelik om die administrasiekoste laag te hou, gedeeltelik as gevolg van die natuurlike instink van die Nederlander vir selfregering, is hierdie taak aan die ingesetenes van die distrik self opgedra.

In 1682 het die Politieke Raad uit die burgers van Stellenbosch vier heemrade aangestel. Die helfte sou elke jaar aftree, en uit 'n dubbele lys, deur die kollegie van heemrade self opgestel, sou die Politieke Raad hulle opvolgers benoem; — dus wêre die stelsel van ko-opsie onder regeringskontrole. Sybrand Mankadan was distriksekretaris, en onder die eerste heemrade kry ons manne soos Henning Huising, wat twintig jaar later 'n groot rol in ons geskiedenis sou speel, en Gerrit van der Byl, Jan Mostert, ens., stamvaders van bekende Afrikaanse families.

In April 1685 het 'n gevolmagtigde kommissaris van Here XVII, Hendrik Adriaan van Rheede tot Drakenstein, Heer van Mydrecht, die Kaap besoek en drie maande hier vertoef, en deur hom is die sisteem van plaaslike selfbestuur in dié vorm bekrachtig, wat dit gedurende die hele Hollandse tyd en nog langer sou behou. 'n Regeringsbeampte met die titel landdros is tot voorsitter van die hof van heemrade benoem, en die pligte en bevoegdhede van hierdie liggaam is duideliker omskryf. Dit sou 'n gereghof met beperkte jurisdiksie wees; ons kan dit met 'n hedendaagse magistratshof vergelyk. Dit sou egter ook administratiewe funksies, soos die van ons munisipale en distriksrade besit.

Die historiese oorsprong van hierdie kollegie moet in Nederland en meer direk in Batavia gesoek word. Die Nederlanders, prakties soos hulle was, het ou beproefde vaderlandse instellings na die kolonies oorgebring. Die dykgraaf met sy heemrade was 'n bekende plattelandse bestuursvorm in Nederland, en in die "Ommelande" van Batavia, waar ook vrye landbewoners woonagtig was, vind ons van die vroegste tyd af 'n hof van landdros en heemrade. In Oos-Indië het dit geen belangrike ontwikkeling deurgemaak of gevolge gehad nie, maar in Suid-Afrika het hierdie instelling, na mate die kolonist hom uitgebrei het, meer en meer die belangrikste orgaan geword, waardeur die koloniste direkte seggenskap in die beheer van die land kon uitoefen. Ons moet die betekenis van so 'n kollegie nie onderskat nie. Lokale selfbestuur is een van die groot waarborge van die konstitusionele vryheid en is, histories beskou, die leerskool waardeur 'n volk moet gaan om werklik selfregerend te word. Die feit dat die heemrade en die burgerlike lede van ander kollegies nie volgens ons moderne begrippe gekies is nie, mag ons ook nie op 'n dwaalspoor bring nie. Verteenwoordiging deur volkskeuse is 'n idee wat eers veel later algemeen op die voorgrond sou tree en die heemrade, burgerrade, ens., het hulle werklik as die verteenwoordigers van hulle mede-koloniste beskou.

Kommissaris van Rheede het ook in 'n ander opsig werk van blywende konstitusionele betekenis verrig. Die eerste afskeiding van die magte van die sentrale regeringsliggaam is deur hom prinsipieel deurgevoer. Hy het die regterlike bevoegdheids van die Politieke Raad as sulks weggeneem en hulle aan 'n nuwe liggaam, die Raad van Justisie, opgedra. Ag beampptes daaronder die kommandeur as voorsitter, en die ander sewe, met een uitsondering, ook reeds lede van die Politieke Raad, het in die gereghof sitting gekry, en by hulle is toegevoeg die twee burgerrade, wat van nou af hulle reg van sitting in die Politieke Raad verloor. Die vraag kom dadelik op: of die koloniste dan voortaan geen verteenwoordiging meer in die sentrale regeringsliggaam gehad het nie? Dit is waar, teoreties was hulle heeltemal daarvan uitgesluit, maar ons vind dat die burgerrade nie alleen regters was nie. Hulle is meer en meer ook as 'n aparte kollegie beskou, aan wie die munisipale beheer van Kaapstad opgedra is, en wat daarby die onbeskrewe reg verkry het om die Politieke Raad met advies te dien omtrent sake wat die koloniste aangaan.

Gelyktydig met die benoeming van die eerste heemrade is vir Kaapstad 'n ondergeskikte regterlike liggaam in die lewe geroep, die "Hof van Kleine Sake." Dit het 'n beperkte juris-

diksie gehad, het uit twee beamptes en twee burgers bestaan, en is op die gebruikelike manier deur ko-opsie aangevul.

Die beginsel van desentralisasie en die neiging om die administrasie van die land vir 'n groot deel aan verteenwoordigers van die koloniste op te dra, tree so gedurig te voorskyn — ook in die aangeleenthede van die kerk, wat natuurlik 'n staatsinstelling was. Die inwoners van Stellenbosch, soos trouens al die later geslagte van grensbewoners, het o.a. drie dinge van die regering begeer: 'n goeingerigte distriksbestuur, 'n skool en 'n eie gemeente. Ons het gesien hoe die eerste twee aan hulle gegee is. Ook die laaste het gou gevolg. Tydens die kernis van 1686 is besluit om tot die bou van 'n kerk oor te gaan, en is bepaal dat die predikant van Kaapstad voorlopig om die drie maande in Stellenbosch sou preek en nagmaal uitdeel. In Desember 1686 is Dirk Coetsee van Coetsenburg tot eerste ouderling van die nuwe gemeente deur die Politieke Raad benoem, en kort daarna vind ons hier 'n kerkraad, nes die waarmee ons in Kaapstad kennisgemaak het. 'n Predikant het weliswaar nog ontbreek, maar dit was juis die eienaardigheid van die demokratiese Calvinisme dat 'n nuwe gemeente ook sonder die onmiddellike teenwoordigheid van 'n eie predikant kon ontstaan. Onder Episkopale (Rooms-Katolieke en Anglikane) is dit onmoontlik, want daar is die geestelike leier die onontbeerlike kern van elke kerklik-administratiewe eenheid, maar die presbiteriaanse of Calvinistiese kerkordening berus in die eerste instansie op die gemeentelêde en hulle verteenwoordigers, die kerkraad.

'n Verdere blyk van die Nederlandse neiging om nie te veel mag in die hand van één persoon of liggaam te konsentreer nie, was die aanstelling van die Independentse Fiskaal. Ons het reeds in Van Riebeeck se tyd 'n fisikaal aangetref, maar hy was 'n ondergeskikte beampte. In die Franse kolonie, Kanada, was naas die goewerneur met sy raad 'n baie belangrike onafhanklike beampte, die intendant, wat direk aan die koning verantwoordelik was, en eintlik aangestel is om die werksaamhede van die goewerneur te kontroleer. Weens die toenemende private handel van die beamptes en ander misbruike het Here XVII in hierdie jare besluit om 'n soortgelyke amp in hulle besittings in te voer, en die gevolg was die aanstelling van Independentse Fiskaals. Cornelis Joan Simons het as eerste dié betrekking vanaf die jaar 1689 aan die Kaap bekleed. Hy en sy opvolgers was direk aan Here XVII verantwoording skuldig. Hulle het sitting op die Politieke Raad gehad, was veral belas met die opsig oor die justisiewese en die finansies, en het verder die reg-

gehad om alle regeringstukke in te sien. Die instelling van hierdie amp het nie die verwagte vrugte afgewerp nie. Dis fisikaal was alleen in naam onafhanklik. Sy salaris was te klein, en hy is toegelaat om dit met 'n derde van die boetes deur hom opgelê aan te vul. Hierdie vergunning het maklik tot misbruik gelei, en dit is geen toeval dat ons gemeenste klein roofvoël die naam Jan Fisikaal gekry het nie.

Ons staan reeds in die tyd van die Hugenote. Ons sal nou daartoe oorgaan om die buitelandse omstandighede wat tot hulle koms hierheen aanleiding gegee het, bloot te lê. Ons wil eindelik egter nog 'n keer daaraan herinner dat die groei en ontwikkeling wat somtyds alleen as die gevolg van hulle verskyning beskou word, reeds vóór hulle aankoms baie duidelik bespeurbaar was. Die Hugenote het wel ons volkskarakter verryk, maar die hoofrigtings van ons geskiedenis is nie deur hulle bepaal nie.

§ 4. Die Buiteland.

'n Groot kenmerk van die Calvinisme was sy neiging om teen bestaande regerings in verset te kom, 'n neiging wat hom egter deur die omstandighede opgelê is. Luther het met die steun van die Duitse vorste sy hervorming deurgesit; in Engeland is die Anglikaanse staatskerk deur Hendrik VIII, Eduard VI en koningin Elisabeth tot stand gebring; die Calviniste daarenteen moes gewoonlik vir die erkenning en handhawing van hulle godsdienstige regte teen hulle eie vorste veg, en hulle het derhalwe ook onder al die Protestante die meeste krag geopenbaar. Die onverskrokke "Ironsides" van Cromwell, wat hulle eie koning op die skavot gebring het, en die dapper Geuse, teen wie se hamerslae die geoeffende leërs van Filips II nie bestand was nie, is tiepiese voorbeelde van die strydlustige Calviniste. Die Franse Hugenote was van dieselfde stoffasie.

Johannes Kalvyn is in 1509 in Noyon, 'n stad in Noord-Frankryk, gebore. As student in Parys en elders het hy met Luther se geskryfte kennis gemaak, en in 1535 was hy reeds so 'n uitgesproke Protestant, dat hy sy geboorteland moes verlaat en in Switserland hom skuilhou. Hier het hy in die volgende jaar sy groot werk, die "Christianae religionis institutio," uitgegee en daarmee die grondslag van sy hele leer vir altyd neergelê. Ons weet hoe hy verder in Genève sy leerstelsel in die praktyk toegepas het en die presbiteriaanse vorm van kerklike regering in die lewe geroep het. In die tussentyd het Kalvyn 'n aansienlike aanhang in Frankryk gekry, en nog voor sy dood,

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

wat in 1564 plaasgevind het, het die Franse Calviniste of Hugenote dit nodig gevind om na die wapens te gryp om hulle teen koninklike en adellike onderdrukking te verdedig. Ons het reeds daarop gewys dat jare van godsdienstige burgeroorloë, waarin die verskriklike Bartholomeusnag van 1572 'n episode was, gevolg het. Hierdie oorloë het voorlopig opgehou toe koning Hendrik IV in 1593 die troon van Frankryk bestyg het. Hy was oorspronklik ook 'n Hugenoot en het aan sy vroeëre geloofsgenote deur die Edik van Nantes (1598) veel vryhede toegestaan: die Hugenote mog in bepaalde dele van die land (Parys was o.a. uitgesluit) in die openbaar hulle godsdiensoefeninge hou, alle ampte en poste was vir hulle ope, en sekere stede, La Rochelle, ens., sou met Calvinistiese garnisoene beset word en was dus bolwerke en sekerheidsplekke vir die Hugenote.

As Hendrik IV nie in 1610 deur die hand van 'n sluipmoordenaar 'n ontydige dood gesterf het nie, sou die geskiedenis in baie opsigte 'n ander verloop gehad het. In sy tyd begin die Franse om ook oor die see hulle mag te bevestig; Quebec is b.v. in 1608 gestig; en die Hugenote het al dadelik getoon dat hulle, nes al die ander Calviniste, pragtige pioniers was. Tydens die regering van Hendrik se seun en opvolger, Lodewyk XIII, was kardinaal Richelieu die groot minister, in wie se bekwame hande die bewind berus het, en onder hom is die regte van die Hugenote langsamerhand ingekort. Hy het in 1628 hulle laaste politieke bolwerk, La Rochelle, verower, maar hy het hulle godsdienstige vryhede onaangetas gelaat, en ons vind dat hulle in Kanada, waar Champlain die Franse kolonisasie met groot sukses uitbrei, nog altyd welkom was en skouer aan skouer met hulle Roomse stamgenote die wildernis intrek.

In 1642 sterf Richelieu en 'n jaar later Lodewyk XIII. Sy opvolger, Lodewyk XIV, was slegs vyf jaar oud, en tot 1661 het kardinaal Masaryn die regeringsmag uitgeoefen. Ook onder hierdie kerkvors is die Hugenote nog altyd geduld, maar na die dood van Masaryn het die toestand vir hulle hoe langer hoe ondraagliker geword. Frankryk het wel onder Lodewyk XIV 'n groot tyd teengegaan. Met ministers van die kwaliteit van Colbert, met 'n geniale strateeg en fortbouer soos Vauban, met Turenne en Condé om sy leërs aan te voer, met Molière en Racine om met hulle onsterflike dramas die luister van sy hof te verhoog, het die Sonkoning werklik as die middelpunt van die Europese konstellasië geskitter, en ook oor die see het die Franse roem en voordeel behaal. Handelsmaatskappye vir Amerika en Indië is gestig, en verskeie kere het groot Franse vlote op weg na Madagaskar en die Ooste die Tafelbaai ingeseil.

Die kolonisasie van Kanada het vinnig vooruitgegaan. Terwyl die Puriteine en ander Engelse landverhuisers nog altyd tot die nou strokie kus tussen die Alleghanyberge en die Atlantiese Oseaan beperk was en dáár 'n reeks van digbevolkte landboukolonies, Simon van der Stel se lieflingsidee, gestig het, trek die Franse handelaars, jagters en sendelinge die St. Lawrence en die mere op. In 1673 bereik twee Jesuïete, Louis Joliet en Jacques Marquette, oor die Michiganmeer, die bo-loop van die Mississippi, en in 1681 voltooi La Salle hulle werk deur die groot rivier van bo af tot aan sy mond te bevaar; en die hele streek wat so bereis is, die "Hinterland" van die Engelse kolonies, is onder die naam Louisiana as Franse gebied geannekseer.

Aan hierdie groot werk het die Hugenote geen aandeel gehad nie. Sedert die verskyning van die Jesuïete is hulle nie meer in die Franse kolonies toegelaat nie, en in Frankryk self was hulle meer en meer aan onderdrukking blootgestel. Hulle kerke is gesluit; staatsbetrekkings was nie meer vir hulle oop nie; hulle kinders is van hulle weggeneem en in kloosters opgevoed. Bindelik volg dan in 1685 die herroeping van die Edik van Nantes, en vir 'n Protestant was daar geen plek meer in Frankryk nie. Die Hugenote het probeer om oor die grense, in Switserland, Duitsland, Nederland en Engeland, veiligheid te soek. Duisende het daarin geslaag; baie is egter op die vlug doodgeskiet of is gevang en moes op die koninklike galeie, in 'n diensbaarheids wat veel erger as slawerny was, 'n ellendige lewensloop verkort.

Die Hugenote wat na Nederland gevlug het, kon daar veral op kerklike gebied baie maklik aansluiting vind. Franse Kalviniste was reeds in aansienlike getalle in die Verenigde Geweste woonagtig, en op verskillende plekke was daar Franse onderafdelings van bestaande gemeentes. Ons sal sien dat hulle op dieselfde basis in Suid-Afrika opgeneem is, maar voor ons hulle na Suid-Afrika vergesel, moet ons nog let op ander groot gebeurtenisse in Europa, wat minder regstreeks ook van groot belang vir ons is.

Die tirannie en despotisme van Lodewyk XIV was aansteeklik. In Engeland het Karel II ook die regte van sy onderdane begin inkort. Hy het b.v. mense sonder verhoor in die tronk gehou. Die antwoord van die Engelse parlement hierop was die Habeas Corpus-Wet van 1679, 'n bolwerk ook van ons konstitusionele vryheid. Daarin is vir altyd vasgelê dat gevangenes die reg het om te eis dat hulle voor 'n hof sal gebring word. Jakob II, die opvolger van Karel II, het ook probeer om, in

bondgenootskap met Lodewyk XIV, soos 'n absolute vors te regeer en selfs om langsamerhand weer die Rooms-Katolieke godsdiens, waarvan hy 'n aanhanger was, in Engeland in te voer. Die Engelse volk sou hulle egter nie weer aan bande laat lê nie. Hulle was bewus van hulle krag. Dit was trouens 'n tyd van vooruitgang op baie gebiede. In die wetenskap b.v. verrys in hierdie jare die groot figuur van Newton, die ontdekker van die wet van die swaartekrag, die man wat vir ons die wonder openbaar het, dat dieselfde krag wat 'n appel van 'n boom laat val, al die sterre in hulle bane lei. In 1688 moes Jakob II na Frankryk vlug. Die Engelse parlement het daarop 'n uitnodiging aan die stadhouder, Willem III, gestuur om die vakantetroon te bestyg. Dit was duidelik dat sy aanname van die kroon onvermydelik deur 'n groot Europese oorlog sou gevolg word. Willem van Oranje, die aangewese leier van die Protestantse vryheid teen Rooms-Katolieke dwinglandy, het die stryd nie vermy nie, en ons vind dat in hierdie krisis van die wêreldgeskiedenis Engeland en Nederland onder sy leiding vir hulle klaarmaak om die groot gevaar, waardeur Europa bedreig was, af te wend. Aan die ambisie van Lodewyk XIV moes eindelijk paal en perk gestel word. Willem III het slegs die begin van hierdie stryd gesien, want hy het reeds in 1702 gesterf, en die konflik tussen Engeland en Frankryk wat met die jaar 1688 definitief sy aanvang geneem het, sou met tussenperiodes van vrede vir meer as 'n eeu voortgesit word, en uiteindelik ontwikkel tot 'n worsteling vir die opperheerskappy veral op koloniale gebied. Engeland het die krag besit om in hierdie stryd vol te hou; 'n teken van sy toenemende rykdom was b.v. die stigting van die Bank van Engeland in 1694. Nederland daarenteen is van hierdie tyd af meer en meer deur sy magtige bure in die skaduwee gestel. Die republiek verloor sy posisie as 'n eersterangs-moondheid, en sy hoogste doel in die agtiende eeu was om in vrede te behou wat in 'n groter tyd tot stand gebring is.

§ 5. Die Hugenote in Suid-Afrika.

Die jaar 1688, wat sulke belangrike omwentelings en verskuiwings in Europa ingelei het, moet ook in die geskiedenis van Suid-Afrika onderstreep word. Dit was die jaar van die aankoms van die Hugenote. Ons sal ons herinner hoe ywerig Here XVII in hierdie tyd was om emigrasie na Suid-Afrika te bevorder. Dit sou 'n onverklaarbare versuim gewees het as hulle nie gebruik gemaak het van die instroming van die Hugenote in Nederland om die kolonisasie van die Kaap, wat destyds defi-

nitief op hulle program gestaan het, uit te brei nie. Die wonder is alleen dat hulle so min gestuur het. Daarvoor is verantwoordelik: die onwilligheid van baie Hugenote om 'n ryk en beskaafde gebied, waar hulle tog 'n bestaan kon maak en vry was, op te gee vir 'n onbekende, vérafgeleë en woeste land, en daarby ook die politiek van Here XVII self om die Kaap 'n oorweënd Nederlandse kolonie te hou.

Die voorwaardes waaronder die Hugenote na Suid-Afrika gekom het, was dieselfde wat kort tevore vir Nederlandse emigrante opgestel is: vrye passasie, vrye eiendomsplase en alle benodighede op krediet. In April 1688 het die eerste besending die Kaap bereik, en in die daarop volgende twaalf maande het verskillende ander skepe van tyd tot tyd klein geselskappies hier aan wal gesit. Die totaal wat so gekom het, was omtrent 150 siele — nie 'n groot getal onder 'n reeds gevestigde burgerlike bevolking van 600 nie, en veral nie as ons onthou dat gelyktydig met die Hugenote, byna net so veel nuwe Nederlandse koloniste uitgestuur is.

Die verhouding van die Kaapse regering en koloniste tot die Hugenote was in die begin baie goed. Die vlugteling is vriendelik ontvang en is op allerhande maniere gehelp, o.a. deur geldgifte, ook uit Batavia. Hulle het onmiddellik alle burgerlike regte verkry, en dit is tiepies van die Nederlandse verteenwoordigingsbeginsel, dat ons reeds in 1688 vir Jacques de Savoye onder die heemrade van Stellenbosch aantref. Die vreemdelinge het egter baie gou met klagtes voor die dag gekom, — tot groot verontwaardiging van hulle Nederlandse weldoeners, wat hulle van ondankbaarheid betig het. Dit was die politiek van die regering om die Hugenote onder die ander koloniste in Stellenbosch, Drakenstein en Franshoek te versprei. Dit was teen die sin van die Franse, wat graag bymekaar wou woon. 'n Groter grief was die feit dat hulle nie toegelaat was om 'n aparte kerklike gemeente te vorm nie. Hulle sou, nes in Nederland, in die bestaande gemeente van Stellenbosch opgeneem word, en hulle predikant, Pierre Simond, wat in Stellenbosch gewoon het, sou om die beurt daar en in die huis van 'n Drakensteinse burger Franse dienste hou. In sy afwesigheid sou Sybrand Mankadan die gebruiklike Hollandse preek Sondags lees, ook om die beurt op die twee plekke.

Op 28 November 1689 het 'n deputasie, bestaande uit Pierre Simond, Jacques de Savoye, Daniel de Ruelle, Abraham de Villiers en Louis Cordier, voor Simon van der Stel verskyn met die versoek om 'n eie gemeente te mag stig. Die kommandeur was woedend. Hy beskuldig hulle van sediesie en ondankbaar-

heid, en hy sê dat hulle nie alleen hulle eie kerk nie, maar ook hulle eie vors wil hê. Hy het hulle versoek botweg geweier, en harde woorde het aan weerskante geval. Pierre Simond het egter tog sy sin gekry. 'n Petiesie aan Here XVII is gunstig oorweeg, en Simon van der Stel moes teen sy sin toelaat dat in 1691 'n kerkraad vir Drakenstein aangestel is. Pierre Simond het daarop, in 1694, onder sy eie gemeentelede gaan woon, en Stellenbosch moes weer, tot die end van Simon van der Stel se regeringstyd, sonder 'n gevestigde predikant klaarkom. Die Hugenote het ook 'n eie skoolmeester, Paul Roux, in Drakenstein gekry. Hy is toegelaat om die Franse kinders in hulle eie taal les te gee, maar hy moes hulle ook Hollands leer. Nes Pierre Simond, is hy natuurlik deur die regering besoldig.

So is die stryd dan voorlopig bygelê, en die Hugenote het waarlik weinig rede gehad om ontevrede te wees. 'n Hartlike samewerking tussen die twee rasse het egter nog nie bestaan nie. Die Franse het hulle apart gehou, en by die vertrek van Pierre Simond, in 1702, om sy beryming van die Psalms na Europa te bring en die aanstelling van ds. Hendrik Bek tot sy opvolger, het die ou ontevredenheid weer opgevlam. Here XVII wou so gou soos moontlik die Franse taal in Suid-Afrika laat uitsterf, — 'n begryplike politiek as ons aan die toestande in Europa dink. In 1672 het Lodewyk XIV byna die Nederlande verower; in 1688 het hy die plan hervat; en in 1702 moes die republiek weer as bondgenoot van Engeland die stryd teen die magtige Frankryk aanbind. Met groot Franse eskaders op weg na Madagaskar en Indië, was 'n aanval op die Kaap geensins uitgesluit nie, en 'n blywende Franssprekende en Fransgesinde element kon nie in Suid-Afrika geduld word nie. Here XVII wou derhalwe in 1702 met die koms van Bek, die nuwe dominee, 'n end aan die Franse dienste maak, en Paul Roux het ook bevel gekry om voortaan die kinders alleen Hollands te leer. Die Politieke Raad het egter 'n goeie woord vir die Hugenote by Here XVII gedaan, en die ou reëling het feitlik bly voortbestaan, totdat 'n tegemoetkoming aan die Franse koloniste, wat taal betref, nie meer nodig was nie.

Dat die Franse taal nie in Suid-Afrika bly voortlewe het nie, was wel in ooreenstemming met die bedoeling van die Kompanjie om "die taal mettertyd tekrijgen gemortificeert en als van daar gebannen." (Brief van Here XVII, 20 Sept. 1701.) Ons het hier op slot van sake egter ook 'n natuurlike en onvermydelike absorpsieproses. Die Hugenote het 'n te klein onderdeel van die bevolking uitgemaak, was te veel onder en by die ander koloniste woonagtig en het, wat hulle bedryf en godsdiens

betref, te seer met hulle ooreengekom, om hulle eie nasionaliteit te behou. Die kinders het as vanself Hollandssprekend geword, en deur onderlinge sosiale verkeer, en huwelike, veral na hulle gesamentlike verset teen Willem Adriaan van der Stel, is die skeiding tussen die twee rasse uitgewis. So kompleet was hierdie absorpsie, dat dit vandag byna onmoontlik is om in ons taal spore van Franse invloed, deur die Hugenote daarin afgedruk, aan te toon.

Om die Hugenote as verongelykte, onderdrukte mense te gaan beskou, sou eintlik in stryd met hulle ware karakter wees. Hulle sou hul nooit so gedwee aan 'n gevoelde onreg onderwerp het nie. Hulle was sterk en hard en nie die saggesinde martelaars, wat 'n verweekte nageslag somtyds van hulle maak nie. Hulle geloof het berge versit, en hulle hoop was vir geen gevare of afstande vervaard nie, maar vir die sagte dweperigheid, wat somtyds met die kristelike liefde verwar word, was daar geen plek in hulle gemoed nie. Pierre Simond se onbewimpelde taal het die Kaapse goewerneur se bloed laat kook, en Jacques de Savoye was met sy eie geestelike leidsman in so 'n bittere stryd gewikkel, dat die regering daarby moes ingryp.

Die invloed van die Hugenote op ons geskiedenis word dikwels oorskat. Hulle het seker pragtige bloed hierheen gebring, maar in die veelbewoë verlede van ons volk het die afstammeling van die ou Nederlandse stamvaders, en ook van later immigrante, die eer van hulle eie ras net so goed gehandhaaf. Dit is moontlik dat die Hugenote 'n *sterker* godsdienstigheid hierheen gebring het; bewys is dit egter nie; en 'n *nuwe* godsdienstigheid is in elk geval nie deur hulle hier ingevoer nie. Dat die wynbou deur hulle koms groot vordering gemaak het, kan ook nie sonder meer gesê word nie. Daar was wel geoefende wynbouers onder hulle, en tussen 1688 en 1698 het die getal wingerdstokke aan die Kaap van 400,000 tot 1,500,000 gestyg, maar hulle het nie die kwaliteit van die wyn opvallend verbeter nie; die eerste Kaapse wyn wat 'n naam gekry het, was die van Constansia, 'n plaas wat nie voor 1778 aan 'n man met 'n Franse naam behoort het nie. 'n Groter vryheidsin as die wat reeds onder die Kaapse koloniste aanwesig was, het die Franse ook seker nie saamgebring nie, en ons het geen rede om aan te neem dat hulle algemene beskawingspeil hoër was nie. Die verwerplike neiging om veral vir die Hugenotefamilies 'n adellike afkoms te soek, word nie deur feite gewettig nie. Met enkele uitsonderinge, Du Plessis, b.v., was die stamvaders van die Afrikaanse volk, of hulle nou Nederlanders, Franse of Duitsers was, van goeie *burgerlike* afkoms, die beste afkoms en

die beste maatskaplike basis vir 'n nuwe volk in 'n nuwe land. In Kanada het die Franse met hulle "seigneurs" die sosiale onderskeidings van die moederland op die kolonie oorgeplant, en die mislukte kolonisasie daar was gedeeltelik 'n gevolg hiervan. In die Engels-Amerikaanse kolonies en Suid-Afrika, daarenteen, was demokratiese gelykstelling van die staanspoor af die gesonde fondament van die nuwe samelewing, en hierdie gelykstelling is nog vandag die trots van die Engelssprekende Amerikaner.

Die invloed van die Hugenote op Suid-Afrika word miskien beste bepaal as ons sê: dat hulle juis sterk was, waar die Nederlander reeds krag geopenbaar het, en so die Afrikaanse volkskrag in sy natuurlike rigtings verhoog het; dat die samemelting van twee hoog- en gelykstaande en onderling simpatieke rasse altyd pragtige vrugte afwerp; en dat die Franse bloed miskien meegelyp het om die Afrikaner beweeglik van gees en lughartig te maak.

§ 6. Naturelle en Reise.

In die begin van Simon van der Stel se regeringstyd is die veehandel veral met die Hessekwas gedrywe, die stam wat oos van die Gainoukwas woonagtig was. Nuwe ekspediesies in 'n noordelike rigting het egter gou gevolg. In Desember 1681 het 'n Namakwa-deputasie die Kasteel besoek, en die kommandeur het baie belangrike informasie van hulle gekry. Hulle het gesê dat hulle die koper, waarvan hulle versieringe, ens., gemaak was, self uit 'n berg in die noorde gehaal het; van die Grootrivier, Camissa, en Vigi Magna het hulle nog nooit gehoor nie, maar 'n rivier wat ver na die noorde van oos na wes vloei, het hulle geken. Simon van der Stel was baie begerig om die twee geheime op te los, die geheim van die koperberge en die geheim van die Grootrivier, wat volgens die Namakwas 'n ander rigting had as op die kaart aangedui. Hy het in 1682 en 1683 twee ekspediesies na die noorde gestuur. Hulle het tot oor die Olifantsrivier deurgedring en met die Grigrikwas en Namakwas in aanraking gekom, maar die dorheid van die land het hulle genoodsaak om terug te keer.

Die koms van die Heer van Mydrecht was ook vir die ontdekkingsgeskiedenis en die naturellevraagstuk van groot betekenis. Hy was sterk ten gunste van kolonisasie en uitbreiding, en hy het gesien dat die blankes gedurig meer van die grond van die Hottentots in besit sou neem. Dat Gonnema nog altyd in oorlog met Schacher en ander bondgenote van die Kompanjie verkeer het, en dat die uitbreiding van die blankes deur hierdie

onderlinge twiste van die naturelle vergemaklik sou word, was vir die kommissaris geen onaangename gedagte nie, en hy het die politiek van "Verdeel en Heers" goedgekeur; maar hy het daarby die verwagting gekoester dat die Hottentots langamerhand hulle nomadiese lewe sou opgee en onder die beskerming van die Kompanjie 'n gevestigde bestaan, met al die voordele daarvan, sou geniet. Hy het verder aan Simon van der Stel verlot gegee om, na sy vertrek, self 'n ontdekkingsreis na die noorde te onderneem.

Die kommandeur het nie lank getalm om van hierdie vergunning gebruik te maak nie. In Augustus 1685 is hy met vyftien waens, ag karre, 'n koets en 'n groot geselskap op reis. Dit was 'n pragtige lente, en die veld was met gras en blomme bedek. By die Tierberg is Schacher en sy mense aangetref, by die Bergrivier, die krale van die Kogokwas. Naby Piketberg het 'n renoster die kommandeurskoets stormgeloop, en dit het min geskeel of Simon van der Stel het sy lewe daarby ingeskiet. Die Hottentots was orals vreedzaam en hulpvaardig, so ook die Grigrikwas en Namakwas, noord van die Olifantsrivier; die veld het mooi gebly; en op 21 Oktober is die Koperberge bereik. Van der Stel het twee weke hier versuim om die omgewing te ondersoek. Hy wou graag die noordelike rivier, waarvan die inboorlinge hier met die sekerheid van ooggetuies gepraat het, self sien, maar die land was te droog en sy osse te swak, en na 'n inspeksie van die kus het die terugtog begin. Tot by die Olifantsrivier het dit weens gebrek aan water baie swaar gegaan, maar daarna was die reis weer aangenaam en voorspoedig. In die gebied deur hulle bewoon, het die Kogokwas die dood van hulle ou hoof Gonnema kom rapporteer. Op 26 Januarie 1686 was die geselskap terug in Kaapstad. 'n Kaart van die reis is geteken, en daarop verskyn, dof aangedui, die onderloop van die Oranjerivier, wat egter eers veel later sy naam sou kry.

Kort na die terugkeer van hierdie reisekspediesie, wat die ontdekking van feitlik die hele westelike kusstroek van die teenswoordige Kaapprovinsie voltooi het, volg gebeurtenisse op die suid- en ooskus wat ook daar die sluier vir ons lig. In Februarie 1686 het die *Stavenisse*, een van die kleiner vaartuie van die Kompanjie, naby die mond van die Oemsimkoeloerivier gestrand. Die bemanning het die land bereik, en 'n geselskap van sewen-en-veertig koppe het die lang voetreis langs die kus na die Kaap toe onderneem. By die wrak is 'n stuk of dertien agtergelaat, en hulle was op slot van sake die beste daaraan toe, want Engelse skipbreukelinge by Port-Natal woonagtig het hulle

daarheen uitgenooi en gehelp om 'n groot boot, die *Centaurus*, te maak, waarmee elf Nederlanders en nege Engelse op 1 Maart 1687 die Tafelbaai bereik het. 'n Paar Engelse het verkies om in Natal te bly, omdat hulle met die Kaffers daar, 'n vriendelike en hulpvaardige slag mense, goed oorweg gekom het.

Toe die manne van die *Centaurus* in Kaapstad aan wal stap, was hulle verstom om te hoor dat die voetgangers nog nie opgedaag het nie, en dat daar selfs geen taal of tyding van hulle was nie. Die Kaapse regering, nou vir die eerste keer van die ongeval verwittig, het stappe gedaan om die mense te laat opspoor. Die *Centaurus* is aangekoop en langs die kus teruggestuur; daarna, en wel tweeskeer, ook 'n galjot, die *Noord*, wat egter eindelik self wes van Kaap St. Francis skipbreuk gely het. Skaars 'n derde van die ontbrekende manskappe van die *Stavenisse* is gevind, maar die kennis deur hulle versamel en die sorgvuldige inspeksie van ons hele suid- en ooskus, wat met hulle redding gepaard gegaan het, was veel werd.

Naby die mond van die Keirivier het die mense van die *Centaurus* agtien skipbreukelinge van die *Stavenisse* opgeneem. By hulle was 'n Franse seun, Guillaume Chenut, wat hulle onder die Kaffers aangetref het. Hy was 'n Hugenooot, wat na Engeland gevlug het, en vir sy onderhoud in die diens van 'n Engelse handelaar en seekaptein getree het. Sy skip het eers na Noord-Amerika geseil en vandaar om die Kaap na Indië. Op die kus van Kafferland het die skipper met 'n geselskap, waaronder die knaap hom bevind het, aan land gegaan. Hulle is deur die barbare oorval en almal met die uitsondering van Chenut is vermoor. Hy het 'n geruime tyd onder die Kaffers gewoon, en kon hulle taal praat en was goed op die hoogte van die toestand daar, toe hy tot sy groot blydskap die mense van die *Stavenisse* ontmoet en met hulle gered is.

Die inligtings deur Chenut en ander swerwers verskaf, stel ons in staat om omtrent die Bantoe van ons suidoostelike kus die volgende vas te stel: Die bekende stamme bestaan destyds reeds. Die Kosas onder 'n opperhoof, Togoe, was op die voorpunt in die omgewing van die Keirivier, en agter hulle langs die kus op was die Temboes en die Pondo's. Hulle lewenswyse en geaardheid het in alle belangrike opsigte ooreengekom met die van die Makaranga soos deur Dos Santos beskrywe, asook met die van hulle eie nakomelinge, teen wie die grensboere 'n eeu later 'n honderdjarige stryd moes aanbind. Hulle was goed georganiseer onder erflike hoofde en onderhoofde. Hulle kon yster smelt en daarvan asgaaipunte vir die mans en pikke vir

die vrouens vervaardig. Veelwywery was die fondament van die sosiale stelsel, en die arbeidsverdeling tussen die twee geslagte was ook soos Dos Santos dit reeds gevind het. Melk, kafferkoring en pampoene was hulle kos, en horingvee die maatstaf van rykdom. 'n Interessante en gevaarlike volk hierdie, wat so in die verre gesigseinder van die Kaapse neersetting begin tree! Kragtiger, na liggaam en gees, en oneindig talryker as die Hottentots, wie se laaste kampioen, Gonnema, die Swart Kaptein, juis destyds van die toneel verdwyn was.

Waar was die grens van die Hottentots na die ooste toe in hierdie tyd? Ook op hierdie vraag begin ons lig te kry, maar van 'n ander kant. In 1687 was die eerste bekende Hottentotstam die Outeniekwas. Hulle het in die omgewing van die teenswoordige George gewoon, en tussen hulle en die Kolonie was agtereenvolgens die Attakwas, Hessekwas en Gainoukwas. In Februarie 1687 verskyn 'n boodskapper van 'n onbekende oostelike stam, die Inkwas, in Kaapstad, en praat baie groot van die rykdom en mag van sy mense. Twee jaar later is vaandrig Schrijver met 'n deeglik uitgeruste geselskap gestuur om die waarheid van sy berig op die toets te stel. Die reis het gegaan: oor die Hottentots-Hollandberge (Sir Lowry's Pass), langs die Sonderendrivier af, verby die teenswoordige Swellendam en Oudtshoorn, en in 'n noordoostelike rigting oor die Swartberge tot op die grens van die Groot Karo. Hier is werklik die Inkwas aangetref, 'n groot Hottentotstam onder 'n hoof, Hykon, en baie ryk aan vee. Van Hykon het Schrijver verneem dat na die ooste toe nog ander Hottentotstamme woonagtig was. Die eerste was die Damakwas en die Gonakwas, vyf dagreise verwyder en op die grens van die Kobona (Bantoe), teen wie hulle gedurig in oorlog verkeer het. Die aangeduide afstand bring die Kaffergrens te veel na die weste, maar jag- en roofekspediesies van die Kosas het waarskynlik toe reeds van tyd tot tyd oor die Visrivier tot in die Suurveld deurgedring en daar met die Damakwas en Gonakwas slaags geraak. Op die duur sou die Hottentots die opmars van die Bantoe nie gestuit het nie, maar drie geslagte later sou 'n sterker ras in die bloedbevlekte kuststrook tussen die Vis- en die Sondagsriviere sy verskyning maak en die swart stroom uit die noorde opdam.

Schrijver het soveel vee as hy kon saamneem van die Inkwas geruil, en hy en sy mense is deur die Hottentots baie vriendelik ontvang en behandel. Van die Boesmans het hulle, soos altyd, veel las gehad, en hulle moes dertig van die gevaarlike sluipmoordenaars doodskiet. Op 6 April ('n geseënde dag!) was die reisgeselskap terug aan die Kaap met oor 'n duisend beste!

E

§ 7. Die laaste Jare van Simon van der Stel se Bewind.

Toe Simon van der Stel in 1691 met die goewerneurstietel vereer is, het hy dit werklik verdien. Ons sou na die Groot Trek moet gaan of na die ekonomiese opbloeï wat na die ontginning van ons minerale skatte gevolg het, om nog twaalf jare te vind waarin na verhouding soveel tot stand gebring is, en veel daarvan moet regstreeks aan Van der Stel se eie energie en bekwaamheid toegeskryf word. As kommandeur het hy nie veel meer as 'n verheerlikte beamptepos hier aangetref nie; as goewerneur kon hy met trots 'n egte, goed-ingerigte en florerende kolonie om hom sien groei.

Al die ou probleme was vir 'n groot deel opgelos. Met 'n getalsterkte van dertienhonderd koloniste in 1691 was die voortbestaan van die blanke beskawing in ons dunbevolkte suidhoek vrywel verseker, en die gesonde maatskaplike en konstitusionele inrigting van hierdie jeugdige samelewing het 'n kragtige ontwikkeling op eie bodem voorspel. Die gebrek aan arbeiders is nie meer gevoel nie. Naas die slawe het die Hottentots, wie se naaste stamverbande meer en meer aan 'n ontbindingsproses onderhewig was, hulle vir die oestyd tropsgewyse aan die boere begin verhuur. Die gevolg van dit alles was, dat die produksie mooi toegeneem het. Ons hoor reeds af en toe van 'n koringeksport na Batavia, en in 1695 besluit Here XVII om die regeringsboerdery aan die Kaap langsamerhand af te skaf. Hulle was self gereed om die hele vleislewering, wat nog altyd deur die ruil moes aangevul word, in die hande van die koloniste te laat, en in 1699 stuur hulle 'n bevel aan die Kaapse regering om weer die veehandel vir die burgers oop te gooi.

Maar die toekoms was nie sonder wolke nie! Die Kaapse mark was beperk. In Simon van der Stel se tyd het gemiddeld vier-en-veertig skepe per jaar die Tafelbaai ingesail, en dit was slegs 'n kwessie van tyd wanneer die toenemende produksie die aanvraag sou oortref. Dan sou daar moeilikhede kom, want die Kaapse produkte kon nie met wins geëksporteer word nie. Koring kon in Europa goedkoper verbou word, en ons wyn het nisteenstaande die koms van die Hugenote sy slegte naam behou. Hierdie krisis sou deur die verskyning van bevoorregte kapitaliste verhaas en verskerp word, en ongelukkig het die ekonomiese ontwikkeling sterk in so 'n rigting geloop.

Ons weet dat Jan van Riebeeck reeds 'n plaas besit het. Sy deelname aan die boerdery was geregverdig, want almal moes destyds saamwerk om die produksie te bevorder. Na die instelling van die vryburgers het hy nog sy plaas behou, maar aan die konkurensie van ander beamptes, wat ook stukkie grond

gekry het, is 'n end gemaak; hulle kon wel vir eie gebruik vee en klein boerderytjies daarop nahou, maar hulle mog hulle produkte nie verkoop nie. Met die toenemende produksie was daar des te minder rede vir die privaattoerery van die beamptes, tog vind ons dat in 1694 Ryckloff van Goens, Junior, by 'n besoek aan die Kaap op sy weg na Indië dit juis weer ingevoer het. Hy het bepaal dat alle beamptes grond kon kry. Hulle salarisse was klein, en waar hulle in Indië kanse genoeg gehad het om deur die privaathandel iets ekstra te verdien, moes dit in Suid-Afrika uit die boerdery kom. Die grondoorsaak van hierdie sisteem, wat ook deur Mydrecht bekragtig is, was dus weer die besuinigingspolitiek van Here XVII. Simon van der Stel het vir hom 'n mooi plaas agter Wynberg uitgesoek en die naam Constansia daaraan gegee. Hy het groot wingerde en boomplantasies aangelê en byna die hele skiereiland was as weiveld vir sy vee gereserveer. Sy huis op Constansia, 'n pronkstuk van die Suid-Afrikaanse argitektuur, met sierlike gewels, aangename voorstoep, smaakvolle, kleingeruite vensters, kunstig-bevloerde voorhuis en deftige eetsaal, was 'n waardige voorloper van die aristokratiese, eik-oorwulfdde wonings van die boland, en ook as vooruitstrewende, ondernemingslustige boer, altyd gereed om te eksperimenteer en die beste metodes in sy bedryf in te voer, was die goewerneur 'n voorbeeld vir die koloniste. Maar met die jare het geldsug, die kwaal van die Van der Stels, die oorhand by hom geneem, en die burgers het hom eindelik gaan beskou, nie as 'n weldoener en voorligter nie, maar as 'n gevaarlike en onsimpatieke konkurent.

In die ekonomiese politiek van die Kompanjie was ook ander onheilspellende voortekens. Die belastings was wel nie swaar nie; die jaarlikse heffing van teoreties 'n tiende deel van die oes, op die boer se eie en baie onvolledige opgaaf bereken, was die belangrikste; maar die pagstelsel of monopolieverkoop, 'n algemene Europese gewoonte in die tyd en ook die hoofbron van die Kaapse regeringsinkomste, het die deur vir gevaarlike misbruike oopgemaak. Die alleenreg om drank, brood, vleis of ander produkte teen vasgestelde pryse veral aan die grootste afnemer, nl. die Kompanjie, te verkoop, is jaarliks opgeveil, en dit spreek vanself dat 'n ongesonde toestand kon ontstaan, as die verpagters, d.w.s., die goewerneur en ander beamptes, by 'n oervulde mark ook die grootste produsente was.

Met sulke dreigende onweerswolke op die horison het Simon van der Stel op 11 Februarie 1699, afgetree, en die regering aan sy seun, Willem Adriaan, deur Here XVII tot sy opvolger benoem, oorhandig. Hy het hom ook 'n geskrewe

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

leidraad gegee, waarna die seun, volgens die opvatting van die vader, sy politiek moes inrig. Daaruit blyk dat Simon van der Stel nog altyd 'n kolonie van *Nederlandse landbouers* aan die Kaap wou hê. Vreemdelinge (Duitsers is nie as sulks beskou nie) moes uitgehou word; die neiging tot veeboerdery onder die koloniste moes teengegaan word, want dit laat hulle die land intrek, en 'n dun-verspreide bevolking oor 'n groot oppervlakte was onwenslik; veel beter sou dit wees om 'n digte massa vaderlandsgesinde koloniste betreklik naby die hoofstad te hou; hulle sou dan makliker regeerbaar wees, en die verdediging van die Kaap teen buitelandse aanvalle kon grotendeels aan hulle opgedra word; — dít was die kolonisasie-skema van Simon van der Stel.

Gelukkig vir Suid-Afrika dat ons ontwikkeling hom nie aan skemas gesteur het nie. Toe die heer van Constansia in sy twee-en-sewentigste jaar, op 24 Junie 1712, gesterf het, was die veeboer-pioniers al oor die berge. Die vernedering om die pad vir hulle daarheen te moet help oopmaak is hom egter bespaar gebly. Die bevel van Here XVII om die ruilverbod op te hef, het die Kaap bereik na sy aftree as goewerneur.

HOOFSTUK II.

WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL (1699 — 1707).

§ 1. Voor die Storm.

Toe Willem Adriaan van der Stel tot goewerneur van die Kaapkolonie, nou 'n belangrike onderdeel van die Kompanjiese besittings, aangestel is, was hy reeds 'n man van aansien in Nederland. Hy het tien jaar lank as lid van die Hof van Skepene in Amsterdam die hoë amp van regter bekleed, en deur sy moeder met 'n beroemde regente-familielie gekonnekteer, het hy onder die beste kringe in Holland verkeer. Dat die keuse van Here XVII op hom geval het, en dat hulle onmiddellik hom ook die tiitel, "Raad Extraordinarius van India," gegee het, was 'n aanduiding van die hoë dunk wat hulle van hom, van sy vader en van die Kaapse stigting gehad het. Hulle het daarby die verwagting gekoester dat sy intieme kennis van Suid-Afrikaanse aangeleenthede, wat hy gedurende 'n tydelike verblyf hier opgedaan het, ook daartoe sou bydra om van sy regering 'n groot sukses te maak.

In die eerste tyd het dit goed gegaan. Die nuwe goewerneur het heelwat energie aan die dag gelê. Hy was, nes sy vader, 'n voorstander van progressiewe metodes by die boerdery. Hy het die aanplant van eikebome op 'n baie groot skaal aangemoedig, die aanteel van ingevoerde wolskape bevorder en daarna gestreef om die kwaliteit van die Kaapse wyn te verbeter.

Nog belangriker is die wending wat die veeboerdery kort na sy aankoms geneem het. Hy verdien miskien die tiitel van Vader van die Veeboer-pionier; en daarvoor sou hom veel vergewe moet word. In November 1699 het hy op 'n inspeksiereis deur die Kolonie gegaan. Tot waar vandag Hermon geleë is, het hy gevestigde koloniste aangetref, maar daar was ook sommige wat nog nie plase had nie, en met byna elke skip uit die vaderland het hulle getal toegeneem. Willem Adriaan kon die politiek van sy vader volg, want daar was nog maar omtrent vier honderd plase in die reeds besette gebied uitgegee, maar

GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.

hy was nie van plan om die koloniste alleen tot die landbou te beperk nie. Oor die Rodesandpas het hy die teenswoordige Tulbaghkom bereik, en hy het besluit om hier, vanwaar landbouprodukte moeilik na Kaapstad kon gebring word, die veeboerdery aan te moedig. Daar was 'n gegewe basis waarop dit kon geskied. Van die begin af was die burgers toegelaat om die oop Kompanjiesgrond rondom hulle eiendomsplase vir weiveld te gebruik. Met die uitbreiding van die Kolonie het die gewoonte by die boere ontstaan om veeposte, somtyds ver verwyder van hulle wonings, aan te hou. Die grond was in sulke gevalle ook nie hulle eiendom nie. Hulle het op aansoek by die regering slegs die reg gekry om rondom 'n seker punt, sonder nader grensbepaling, hulle vee vir 'n tyd te laat loop. Vir so 'n tydelike wei-lisensie, wat in die begin van die agtiende eeu gewoonlik vir ses maande uitgegee is, het 'n boer niks betaal nie, maar in geval hy graan by sy veepos saai, moes hy die gebruiklike "tiende" daarvan afgee.

Deur die vermeerderde uitgifte van wei-lisensies kon Willem Adriaan van der Stel die veeboerdery uitbrei, en hy het hierdie eenvoudige metode gevolg. Voor sy tyd was hulle slegs nou en dan uitgereik; na 1700 neem die getalle baie sterk toe; en agter hierdie getalle skuil niks minder nie as die werklike begin van die trek van die veeboere land-in. Langs die Berg-rivier af en verder noordwaarts na die Olifantsrivier toe het hierdie trek gegaan; ook oor die Rondesandpas en uit die Tulbaghkom langs die Brederivier het die veeposte van die koloniste vermenigvuldig; terwyl die goewerneur, soos ons weldra sal sien, sy eie vee oor die Hottentots-Hollandberge tot verby die Botrivier laat wei het.

Met die opheffing van die veeruilverbod, wat op 28 Februarie 1700 deur kommissaris Wouter Valekenier aangekondig is, het die veeboerdery ook 'n groot stoot gekry. Die koringoeste het vir 'n hele reeks jare agtereen sleg uitgeval, en die wynmark was nooit besonder goed nie. Die vleis-produsent of -handelaar was dus beste daaraan toe, en veral die gelukkige besitter van die vleispag, ons ou bekende, Henning Huising. Hy het op 'n baie goeie voet met die goewerneur gestaan, en op die veiling van die jaar 1700 is die vleiskontrak aan hom toegeslaan. Hy het daarby ook die hele Groenkloof-distrik (in Malmesbury) vir weiveld gekry. Binne 'n paar jaar was hy 'n ryk man, en die mooi huis, Meerlust, wat hy op die wal van die Eersterivier gebou het, getuig nog van sy welvaart en goeie smaak.

Afgesien van die berge, wat na die ooste en noordooste die toegang tot die binneland moeilik gemaak het, was daar weinig hindernisse op die weg van die veeboer-pionier. Die Hottentots het hoegenaamd geen beswaar teen die ontvreemding van hulle weiveld gemaak nie. Die tyd van Harry, Gogosoa en Gonnema was verby. Daar was trouens ook altyd nog grond genoeg vir die dunverspreide stamme oor, en tien jaar later sou hulle getalle so deur pokkies verminder word, dat hulle nie meer as 'n belemmerende faktor kon beskou word nie. Die Boesmans alleen, getrou aan hulle roofinstink en absoluut onwillig of sonder die vermoë om hulle aan die eise van 'n hoër beskawing te onderwerp, het met hulle gifpyle probeer, nie so seer om die uitbreiding van die witman te stuit nie, as om in sy veebesit te deel. So lees ons dat in Maart 1701 veertig beeste van Gert Cloete se veeos, by Riebeekskasteel, deur Boesmans geroof is. Kompanjie-soldate is in die Groenkloof, by Riebeekskasteel en in die Land van Waveren, soos die Tulbaghkom deur Willem Adriaan van der Stel gedoop is, gestasioneer, maar hulle kon natuurlik nie veel teen die listige vyand uitrig nie. Hulle was voorlopig die kern van die klein burgerkommandotjies wat van tyd tot tyd opgeroep is om die Boesmans te agtervolg, maar hulle het geen belangrike rol in hierdie operasies gespeel nie; en die tyd sou weldra daar wees, wanneer die koloniste die hele las van die grensverdediging op hulle eie skouers sou moet neem.

Naas verskillende tekens van gesonde en natuurlike groei was daar egter minder gunstige verskynsels. Kommissaris Valekenier het in 1700 vierhonderd morge grond in Hottentots-Holland aan die goewerneur toegeken. Willem Adriaan van der Stel het 'n stuk van nog 'n honderd daaraan toegevoeg deur dit as goewerneur aan 'n vriend te skenk, en as privaatman van hom teen 'n onbeduidende som weer terug te koop. Die plaas het die naam Vergelegen gekry, 'n pragtige huis is daarop gebou, en binne 'n paar jaar was hier 'n boerdery van selfs nog groter omvang as die van Simon van der Stel, wat nog altyd op Constanstia gewoon het. In 1705 het die goewerneur op Vergelegen 'n wingerd van 'n halfmiljoen stokke gehad en meer as 'n duisend mud graan geoes, en oor die Hottentots-Hollandpas, op sy verspreide veeposte, het by 'n 20,000 skape en 1,000 stuks grootvee geloop! Ook die ander beamptes is na verhouding versorg. Samuel Elsevier, die sekunde, het die mooi plaas, Elsenburg, naby Klappmuts, gekry; ds. Petrus Kalden, die predikant van Kaapstad, het op Zandvliet, tussen Stellenbosch en Valsbaai, geboer; die kaptein, Olof Berg, het 297 morge gehad; die

fiskaal, Johan Blesius, 120 morge; die oppergirurgyn, Willem ten Damme, die keldermeester, Jakobus de Wet, en Johannes Starrenburg, die landdros van Stellenbosch, elk ten minste 60 morge; terwyl die vrou van Ten Damme, 'n besondere vriendin van die goewerneur, ook nog 'n plaas uit sy milde hand ontvang het. Tot hierdie groep van beampte-boere moet eindelik nog gevoeg word 'n broer van die goewerneur, Frans van der Stel, of "de Jonker Frans," soos die koloniste hom weens sy hooghartige en barse houding genoem het. Hy was van 'n plaas in Hottentots-Holland en 'n veepos by Riebeekskasteel voorsien, en hy en die Grootheer van Vergelegen het nie geduld dat ander boere in die teenswoordige distrik Somerset-Wes hulle vee laat wei of selfs aan die strand daar kom visvang het.

Die verhouding tussen die egte boere en hulle konkurente, die beamptekliek, het gou sleg geword, en 'n gebeurtenis van die jaar 1702 het meegehelp om die ontluikende ontevredenheid van die koloniste te voed. In Maart van hierdie jaar het 'n groot geselskap veeruilers, bestaande uit vyf-en-veertig blankes en net soveel Hottentots, tot in die Suurveld gegaan. Op die uitreis het hulle geen las van die Hottentotstamme, deur wie se gebied hulle moes trek, ondervind nie, maar naby die onderloop van die Visrivier is hulle skielik deur 'n trop Kosas, wat daar met die Gonakwas saamgeleef het, aangeval, en een witman het gesneuwel. Die reisigers was verbitter, want hulle het die Kaffers nie gemolesteer nie, en die ruilekspediesie het nou 'n rooftog geword, waarby nie alleen die Kosas nie, maar ook die Gonakwas en ander Hottentotstamme baie verliese aan menselewens en vee gely het.

Die name van die vyf-en-veertig vrybuiters is vandag heeltemal onbekend in Suid-Afrika, en daaruit moet afgelei word dat hulle vir 'n groot deel awenturiers was en nie tot die gevestigde koloniste behoort het nie. Willem Adriaan van der Stel het desnieteenstaande die burgers in die algemeen vir hierdie rooftog verantwoordelik gehou, veral later toe hy met hulle in stryd verkeer het; en ofskoon, vreemd genoeg, die rowers ongestraf gelaat is, het hy onmiddellik hulle wandade as voorwendsel gebruik om op eie verantwoordelikheid die ruilverbod van 1658 weer af te kondig.

Hierdie daad van die goewerneur het egter, soos nou sal blyk, by die werklike verset van die koloniste teen sy bewind 'n baie onbelangrike rol gespeel.

§ 2. Die Verset van die Burgers.

Die beweging teen Willem Adriaan van der Stel het in die eerste instansie van Henning Huising uitgegaan. As rykste vryman in die Kolonie, was hy die aangewese leier van die burgers, en hy het ook spesiale redes gehad om ontevrede te wees. Sy besit van die vleismonopolie was nie 'n ongemengde seën nie. Die goewerneur het groot gifte in vee en geld van hom daarvoor verwag en ook gekry, maar die onhebbelike aansoeke het die vleispagter begin verveel, en in 1704 het hy, in die geheim, 'n klagbrief teen Willem Adriaan van der Stel aan die bewindhebbers in Nederland gestuur. In 1705 het 'n soortgelyke skrywe van verskillende burgers na Indië gegaan. Die Hoë Regering in Batavia het die saak nie ernstig opgevat nie, maar Here XVII het dit wel die moeite werd geag om op 26 Oktober 1705 Kamer Amsterdam te versoek „omme te examineren de klaghten van de Coloniërs aen de Caap. de Bonne Esperance, sedert eenige tijt herwaerts gedaen over 't gouvernement aldaar.” Vóór Kamer Amsterdam sy opdrag kon uitvoer, het die Kaapse geskille 'n krisis bereik.

Henning Huising was vir 'n tyd gedurende die jaar 1705 met die goewerneur versoen, maar die malkontente het nou ook ander leiers gehad. Die interessantste figuur onder hulle was Adam Tas. Hy het in 1697 as vryburger na die Kaap gekom, was 'n tydlank sekretaris van Henning Huising, wat met sy tante getroud was, en is in 1699 tot vaandrig van die burgerinfanterie benoem. In 1703 het hy met 'n ryk weduwee, Elisabeth van Brakel, in die huwelik getree. Sy het 'n mooi plaas net buitekant Stellenbosch gehad, en hier vind ons nou vir Adam Tas woonagtig, 'n man van aansien en invloed wat, soos sy beroemde Dagboek ons aantoon, die opsig oor sy boerdery nie verwaarloos nie, maar wie se grootste plesier dit tog was om so kuier-kuier landstoestande met sy medeburgers te bespreek. Sy politieke aanleg, skryftalent en hoë ontwikkelingspeil het hom spoedig tot die siel van die beweging teen die goewerneur gemaak, en uit wat hy so dag na dag oor alles en nog wat neerskrywe, kry ons 'n lewendige beeld nie alleen van die lewe van sy tyd nie, maar ook van die stryd, waarvan hy die middelpunt was.

Op 19 Junie 1705 teken Tas aan: “Desen morgen ben weder aan 't huijs van Mr. Oortmans koffy wesen drinken. Ook quam daar ten huijze de Hr. Hendrik Trip [pas uit Nederland aangeland]... Hy heeft aan den Gouverneur zo men zegt brieven overgeleverd, onder anderen eenen van den heer Witsen, [burgemeester van Amsterdam en 'n vriend van Willem

Adriaan van der Stel, wat die Witsenberge by Tulbagh na hom genoem het], die voorn. Gouverneur zoo wat scherp zoude geschreven hebben over desselfs slordige manier van regeeren, waarover denzelven zoo vrij wat ontdaan is geweest, ook heeft de heer Trip verteld, als datter in 't vaderland slechte tjdningen van den Gouverneur waaren overgebrieft [Huising se aanklag o.m.], en dat zijn zaaken daar niet zeer breed stonden en dat het (zoo 't God belieft) wel eens konde gebeuren dat hy de bons kreeg, men mag desweegen 't beste hoopen, altoos." Die mal-kontente kon dus die goeie verwagting koester, dat ook sonder hulle verdere toedoen die "tiran" tot sy val sou kom; maar gebeurtenisse wat kort hierop gevolg het, sou hulle tot nuwe energie aanspoor en die afloop van die hele saak versnel.

In Augustus 1705 sou die wynpag weer opgeveil word. Omdat wyn die vernaamste produk van die gevestigde koloniste uitgemaak het, was dit gebruiklik om hierdie monopolie in vier dele te verkoop. Dié verdeling was tot groot voordeel vir die boere, want hulle was dan nie aan die genade van één koper oorgelewer nie. Hierdie keer het Willem Adriaan van der Stel die pagvoorwaardes egter so verander dat die hele wynpag in die hand van één persoon, Johannes Phijffer, gekom het. Hy was 'n handlanger van die goewerneur en 'n man van slegte karakter, wat eenmaal weens bedrog tot ag jaar harde arbeid op Robbeneiland veroordeel gewees het. Dit was verder algemeen bekend dat Phijffer, wat een van die vorige vier pagters was, finansiell so swak gestaan het, dat hy baie moeite gehad het om die pagsom van sy vierde deel te betaal; en almal moes glo dat hy nou deur die goewerneur of sy kliek in staat gestel is om die hele wynpag op te koop. Wat sou nou gebeur? So gou soos Willem Adriaan van der Stel en sy vriende genoeg wyn vir die Kaapse mark produseer, sou die tyd waarskynlik daar wees, wanneer die boere geen druppel meer van hulle produk van die hand sou sit nie.

Hierdie verpletterende skok is spoedig deur 'n tweede gevolg. Henning Huising, wie se verhouding tot die goewerneur in die tussentyd weer sleg geword het, het die vleispag verloor, en ook hierdie monopolie, vreemd genoeg, het in die besit van gunsteling van die hofklike gekom. Ook die vee van die beamptes sou dus die eerste kans op die mark kry!

Adam Tas en sy vriende moes hulle roer. Hulle het die tyd sien aankom, wanneer daar vir die vryboer in Suid-Afrika nie meer 'n bestaan sou wees nie. In alle haas en stilte is 'n lang klagskrif opgestel en deur Tas, Jakob van der Heiden, Guilliam du Toit e.a. onder die burgers rondgebring. Drie-en-

sestig koloniste het dit onderteken, omtrent die helfte daarvan was Hugenote, en 'n groot gedeelte was manne van aansien en invloed, oudburgerrade, gewese en dienende heemrade, kerk-raadslede, ens.

Die klagskrif weerspicël die griewe van die koloniste: Die groot grondbesit van die beamptes (die goewerneur, Kalden en Elsevier word spesiaal genoem) en van bevoorregte persone, soos Simon en Frans van der Stel, is die grondoorsaak van al die moeilikhede. Vergelegen is so groot aangelê dat vyftig gewone boere daar kon bestaan. Die goewerneur het 'n wingerd van meer as 400,000 stokke en ruim 800 beeste en 10,000 skape op sy veeposte oos van die berge. Hy maak gebruik in sy boerdery van 60 Kompanjiesdienaars, daaronder Jan Hartog, die baastuinier, en van 100 Kompanjieslawe. Hy soek vir homself en sy vriende die beste hout, yster, ens., in die Kompanjiespakhuse, en as hulle iets daarvoor betaal dan is dit teen 'n laer prys as wat van die koloniste vir soortgelyke artikels van slegter kwaliteit geëis word. Hy het die veeruil vir die burgers gesluit en in die geheim ruil hy self; vandaar die groot troppe vee wat hy en sy handlangers besit. Hy pers gifte uit die koloniste, as hulle om grond of iets anders aansoek doen. Hy neem hulle vee en slawe af, dwing hulle om met hulle waens karweiwerk vir hom te doen, en onderdruk hulle op allerhande maniere, “gebruikende tot zijn Zinspreuk, *dat een berooide Gemeente gemakkelijk is te regeren.*” Ook Jonker Frans blink, wat brutaliteit betref, in sy hele omgewing uit! Die goewerneur koop wyn van die boere teen 'n lae prys op en word vir dieselfde wyn goed deur sy agent, die pagter, betaal. Veral die skandelikere streek waardeur Phijffer in besit van die hele wynpag gekom het, gaan die beamptes bevoordeel en die boere ruïneer; “nu isser voor de arme menschen geen uitvlucht, zynde de Ingezetenen hier thans in een deernis waardigen staat!” Die koloniste, ook wat die vleisafset betref, onder die duim van die goewerneur en sy bevoorregte vriende, is sonder geld, en “zo de tegenwoordige tierannique manier van regeeringe langer stand houd,” is hulle met totale ondergang bedreig, “waartoe den Gouverneur alle zyne kragten inspant.” Die beamptes verwaarloos ook hulle pligte. Die goewerneur bring weke agtereën op Vergelegen deur; en van Kalden is dit “waarachtig (waar) dat hy gansch geen werk van die Godsdienst maakt, gemerkt hy hem vry meer met zyne Landeryen bemoeit, als met den Predikstoel.” Die lae sedelike peil van die goewerneur se omgewing is 'n skande en 'n gevaar; “lompe schoften die zig met schelm- en diefstukken behelpen zyn (zyn) beste Vrinden, en de zulke staan.

breed by hem, gemerkt zy hem de handen vullen, voorts leent hy zyn ooren aan laffe mensehen en vleyers, zynde hy voor de waarheid bevreest."

Ons sal later op die inhoud en geloofwaardigheid van hierdie dokument terugkom. Ons wil nou eers die gebeurtenisse self volg.

§ 3. Teenmaatreëls van die Goewerneur.

Skaars was die klagskrif opgestel en geteken, of die retoervloot maak op 4 Februarie 1706 sy verskyning. Die goewerneur hoor nou vir die eerste keer van die beskuldigings wat die vorige jaar na Batavia gestuur is; hy weet dat die agitاسie teen hom juis in die laaste tyd weer sterk opgevlam het, en hy vermoed dus dat die malkontente verdere klagtes met die vloot na Nederland sal stuur. Sy eerste verdedigingsmiddel was 'n kontra-manifes. Hy het 'n stuk laat opstel waarin hy afgeskilder is as "een persoon van alle Eer en deught in desselfs gehele gedragh, Regeringe, ommegang, en bejegeninge.... een heerlyk voorbeeld van zedigheyt, in yver voor 't gemene beste, Godsdiensigh in de Christelycke Religie,.... en van seer goedertieren en saghtmoedigen aerdt;" en 'n indrukwekkende lys van 240 name van vryburgers het weldra onder hierdie sertifikaat van volmaaktheid gepryk. Ongelukkig vir die goewerneur weet ons intussen te veel van die ontstaan daarvan af om enige waarde daaraan te heg. Sowat 20 van die ondertekenaars was vrygemaakte slawe en ander kleurlinge, en om Theal aan te haal, "not a few of the respectable names found on that extraordinary document are certainly not genuine, for they appear with a cross, though the men they professed to represent could write letters and sign papers as well as the Governor himself could do." Nog meer, — die goewerneur en sy trawante het al hulle mag gebruik om die koloniste tot ondertekening te beweeg en het selfs nie vir intimidاسie teruggedeeins nie. Van der Stel het die Kaapse burgers op die Kasteel ontbied. Hulle is daar, gekleurdes inkluis, op drank en tabak getrakteer en is toe gevra om te onderskrywe dat die goewerneur 'n man van eer en deug was. Vir die "buitemense" het Starrenburg, die landdros van Stellenbosch, gesorg, maar nie-teenstaande al sy beloftes en dreigemente het hy maar baie min sukses gehad. Hy het met 'n gewapende mag van wyk tot wyk gery, die mense voor hom in 'n kamer laat verskyn, die deur toegesluit en die dokument aan hulle voorgelê. By verskillende plekke, veral in Drakenstein, het die burgers tog geweier om te onderteken. Hier is 'n staaltjie uit Starrenburg se rondreis,

soos Adam Tas dit in sy Dagboek (20 Februarie 1706) vir ons bewaar het: “Dese nagt wierde wakker op onze deur geklopt, de aanklopper was Abraham Bleusel (’n Hugenoot), die van Drakenstijn quam gereeden (trouwhastig stuk) om mij te verhalen dat hij nevens andere franschen tot 15 stuks toe aan ’t huijs van Francois du Toit waren geweest, alwaar den Landdrost was om hen voor den gouverneur een schrift te doen teekenen, den Landdrost sogt hen eerst door beloften daartoe te beweegen, naderhand door felle drijgementen, ondertusschen was hij soo vervloekt gram dat hy besturf in zijn Tronie en bevende ’t schrift voorlas, ook stond er een rakker die de deur hadde geslooten, en daar stond op te passen. Abraham Bleusel aan ’t spreekken raakend, zeijde ronduijt dat hij zijn naam wel wilde teekenen, maar eerst zijne klagten daarboven schrijven, en als hij dat niet doen mochte dan wilde hy niet teekenen. Op dit zeggen van deesen man gingen de menschen daar bijeengekomen slenteren, zonder datter iemand van hen wilde teekenen, zodat den Landdrost hier zeer kaal afgekomen is.”

In die tussentyd het Willem Adriaan van der Stel sekerheid gekry van die bestaan van die klagskrif, en ofskoon hy nie wis waar dit was nie, het hy ook ongeveer gewet deur wie dit onderteken is. Sommige het rondborstig daarmee uitgekom, en in dié verband moet herinner word aan die pragtige figuur wat Guilliam du Toit voor die goewerneur geslaan het. Tydens ’n besoek aan Kaapstad is hy meermale na die Kastael ontbied en persoonlik deur Van der Stel gevra om die kontra-manifes te teken. Hy het beslis geweier, en by een geleentheid vra die goewerneur of hy die aanklag onderskrif het, “waarop Mons. du Toit hem volmondig op antwoorde: Ja ik mynheer. Toen vraagde den goewerneur, wie heeft u daartoe gedrongen? Du Toit gaf tot antwoord: Mijn concientie myn heer.” Van der Stel vra toe verder, waarom Du Toit, as hy persoonlike griewe had, nie na hom gekom het nie; hy sou hom dan wel gehelp het; waarop die standvastige boer hom ’n antwoord gee, wat wel tot die leuse van sy volk kon verhef word: “*En of ik nu al geholpen was, zoo was de heele gemeente nog niet geholpen.* Ik ben een oud man, mijn brood zal haast gebakken zijn, *’t schrijven dat ik gedaan hebbe is uijt liefde voor de gemeente geschied.*” Die goewerneur skud sy kop en sê tot driemaal toe: “Du Toit, ik heb sulx aan u niet verdient, en ik had dit van u niet verwagt. Ik hoop God zal bij u doen als ghij bij mij gedaan hebt”; en kalm aanvaar die Hugenoot ook sy verantwoordelikheid aan ’n Hoër Gesag met die woorde: “Ik hoop zo mijn heer.”

Eindelik doen Van der Stel 'n beslissende stap. Op Saterdag, 27 Februarie 1706, is Adam Tas in sy huis deur Starrenburg gearresteer en na die Kasteel gebring. Ook sy lessenaar is in beslag geneem, en ofskoon die klagskrif reeds veilig by Abraham Bogaert van die retoervloot was, kon die goewerneur uit 'n afskrif daarvan en ander papiere enigszins aflei wie dit onderteken het. Verdere arreste het onmiddellik gevolg; en dit is belangrik om vas te stel, dat al hierdie eerste maatreëls deur die goewerneur self, sonder raadpleging met die Politieke Raad of die Raad van Justiesie, getref is.

Op 4 Maart roep Van der Stel die Breë Raad, d.w.s. die Politieke Raad met die offisiere van die retoervloot, wat altyd nog in die baai was, bymekaar. Ofskoon die burgerrade sy vriende was, vermy hy dus stelselmatig om dié liggaam, waarin die koloniste verteenwoordig was, nl. die Raad van Justiesie, in die saak te ken. Die Breë Raad, eensydig ingelig, vaardig 'n plakkaat uit, wat alle samesweringe of die teken van lasterlike geskrifte teen die owerheid ten strengste verbied en almal wat daaraan deelneem waarsku, dat hulle "als oproermakers en stoorders van de gemeene rust aan lyf en leven ten exempel van anderen zullen gestraft werden." By dieselfde raadsitting is die Independentente Fiskaal en die landdros geoutoriseer om "alle de gene daar men suspitie op heeft. . . . ten eerste. . . . te apprehenderen." Ook hierdie laaste besluit is eenaardig, want die eerste arreste op suspesie het toe al plaasgevind. Die feit is, dat Van der Stel regs krag aan sy onreëlmatige dade wou verleen, en die vervolging van die malkontente nog verder deur die landdros, Starrenburg, sy kragtige ondersteuner, wou drywê. Hy wou die fisikaal, Blesius, wat ampshalwe die werk van kroonvervolger moes doen, opsy stoot, omdat hy nie duidelik genoeg kleur gewys het nie. Dit is kensketsend van die werklike ondergeskiktheid van die fisikaal, en miskien ook van sy slegte gewete, dat hy hom hierdie vernedering laat welgeval het. Hy tree en bly op die agtergrond.

Die goewerneur kon nou met 'n skyn van reg op die ingeslae pad voortgaan. Die volgende Raadsvergaderinge van 8 Maart besluit op sy voorstel om vyf van die hoofaanvoerders, Henning Huising, Ferdinand Appel, Pieter van der Byl, Jan van Meerland en Jakob van der Heiden na Nederland te stuur. Waarskynlik het hy dit slegs as 'n dreigement bedoel, en op slot van sake het alleen die vier eersgenoemdes op 4 April met die retoervloot die Kaap verlaat. Jakob van der Heiden is agtergehou, waarskynlik omdat hy onder verhoor te standvastig gebly het.

Voor die vertrek van die vloot het Van der Stel hom veral beywer om soveel moontlik van die ondertekenaars van die klagskrif in hande te kry en hulle tot herroeping van hulle beskuldigings te beweeg. Hy stel 'n kommissie van die Raad van Justisie aan om dit te bewerkstellig, en sorg daarvoor dat by die ondersoekings altyd net één burgerraad wat definitief aan sy kant staan, teenwoordig is. Hy self verskyn nie, maar sit in 'n kamer naasaan die verhoorlokaal, en af en toe, as 'n moeilike punt opkom, gaan Starrenburg, wat die vervolging lei, by sy baas orders haal. Jakob van der Heiden was een van die eerstes wat voor die ondersoekingskommissie gebring is. Hy het dadelik 'n baie ferme houding ingeneem. Hy sê, hy is nie voor sy "Competente Rechters" nie, en hy weier om sy klagtes terug te trek. Vir sy "halsstarrigheid" is hy toe, op bevel van die goewerneur, soos 'n misdadiger behandel en in 'n strafselsel, sonder die minste gemakke, gesit. Na twee weke was hy weer onder verhoor, maar bly "obstinaat," en nou kom hy in die sogenaamde Donker Gat, 'n stikdonker, ongeventileerde, onderaardse hol, "alwaar nooit iemand ongeschavoteert is uitgekomen," en by hom was 'n slaaf wat weens moord tot die dood veroordeel was. Van der Heiden moes vier weke hier lê, en hy het 'n gedeelte van die donker ure verslyt met aan sy selgenoot 'n paar gebede te leer en hom vir sy teregstelling voor te berei. 'n Enigsins lang verblyf in die verpeste lug van die Donker Gat was dodelik, en toe Van der Heiden weer voor sy regters verskyn was hy 'n siek en gebroke man. In 'n martelende verhoor van vyf uur gee hy nou vir die eerste keer "bevredigende" antwoorde. Hy is daarop na 'n gewone sel teruggebring, maar sy gesondheidstoestand was so sorgwekkend, dat hy op vrye voet gestel is.

Die ander gevangenes is volgens dieselfde prosedure behandel, en die mate van hardheid het in elke geval daarvan afgehang of hulle "halsstarrig" was of nie; d.w.s. hoe gouer hulle gereed was om te "herroep," en hoe vollediger so 'n herroeping was, des te milder was hulle behandeling en des te spoediger hulle vrylating. Na dae en weke van opsluiting in eensame selle, waar selfs hulle vroue en kinders hulle nie mog besoek nie, het hulle, verswak deur 'n ellendige tronkdiët, somtyds van brood en water alleen, voor regters verskyn wat hulle met nog swaarder maatreëls, met verbanning na Mouritius en die pynbank, gedreig het. Is dit 'n wonder dat die goewerneur "konfessies" van hulle gekry het? Die wonder is liewer dat sommige van die "konfessies" so skraal was en so lank teruggehou is. Jacques de Savoye, 'n grysaard van sewentig jaar, en 'n

ander Hugenoot moes eers met die Donker Gat kennis maak, en ander weer moes op 'n skip, klaar vir die vaart na Mouritius, gebring word, eer hulle tot inkeer wou kom. Adam Tas het ook 'n "konfessie" geteken, nadat Starrenburg hom goed onder hande gehad het, maar hy en Jakob Louw het desnieteenstaande nie hulle vryheid gekry nie. Hierdie twee gevaarlike vyande van die goewerneur en nog drie ander, wat Starrenburg eers in die begin van 1707 in die hande gekry het, is vasgehou tot die beslissing van Here XVII die Kaap bereik het.

Met die retoervloot van 1706 het, naas die klagskrif wat onmiddellik na die uitvaart deur Bogaert aan Henning Husing oorhandig is, ook die gewone jaarlikse brief van die goewerneur aan Here XVII gegaan. Van der Stel het gebruik gemaak van die geleentheid om sy kant van die saak in 'n gunstige lig voor die outoriteite in Nederland te lê, en die afgeperste "konfessies" wat voor 31 Maart beskikbaar was, kon vir hom mooi daarby te pas kom.

Terwyl albei kante in Suid-Afrika op die uitspraak van Here Meesters wag, het die vervolging van verdagte persone voortgegaan. Die Kommissarisse het hulle ondersoekings voortgesit, en Starrenburg was daarby ook besig om, volgens die opdrag van die Breë Raad, nog meer mense na die selle van die Kasteel te sleep. Hierdie vervolgingskampanjie moes egter uiteindelik deur die Raad van Justiesie bekragtig word, en dit strek dié liggaam tot eer, dat besliste stemme teen die handelwyse van die goewerneur daarin opgegaan het. Die burgerraad, Oortmans, ofskoon hy 'n gunsteling van Van der Stel was, wou die opdrag aan Starrenburg, om mense op suspesie alleen in hegtenis te neem, nie help bekragtig nie; hy kon dit nie met sy eed, waarvolgens hy daar was om vir die belange van die burgers te waak, verenig nie. Jan Swellengrebel, 'n amptelike lid, het hom by Oortmans aangesluit, en hulle het teen die verlening van die opdrag gestem, maar hulle was natuurlik in die minderheid.

Starrenburg het onder die "buitemense" weinig uitgerig. Hy het geen vaste militêre mag tot sy beskikking gehad nie, en hy kon natuurlik nie daaraan dink om die miliesie te gebruik nie, aangesien die burgerlike bevolking van Stellenbosch, Drakenstein en Waveren byna as één man aan die kant van die gedagvaarde persone gestaan het. Sy onmag het hom somtyds 'n treurige figuur laat staan. Op 18 September 1706 ry 'n gewapende boere-kommando Stellenbosch in. Starrenburg gaan hulle tegemoet. Hulle wil weet waarom daar geen kermis meer op Stellenbosch sal gehou word nie. Hy antwoord dat bevele uit Batavia gekom het om die instelling te skors, aangesien dit

vir die Kompanjie te veel kos. Sy inligting was juis; en die kermis was werklik afgeskaf; maar die burgers wou nie met sy antwoord genoë neem nie en het hom bespot. Toe neem die vroue van Pieter van der Byl en Wessel Pretorius (hulle mans het onder die harde hand van die landdros in die Kasteel deurgegaan) die woord namens hulle geslag op: hulle is nie van plan om die nek voor die onderdrukker te buig nie, en sal hulle regte handhaaf! Starrenburg moes, goed sleggesê en gekatki-seer, na sy huis terugkeer, en dieselfde dag skryf hy 'n brief aan die goewerneur, waarin die volgende voorkom: "Maar Edele Gestrenge Heer, de wyven zyn alsoo gevaarlyk als de mans, en zyn niet stil."

Ook mooipraatjies en beloftes het nie gehelp nie. Hendrik Bouman, 'n boer van Stellenbosch, wat in Desember 1705, sonder inagneming van die ko-opsielys, deur die goewerneur tot burgerraad benoem is (een van sy weinige boere-vriende dus!) skrywe aan Francois du Toit, wat in Drakenstein woon en gedagvaar is, dat hy en die ander gedagvaardes hulle tog maar moet kom oorgee, en dat hy (Bouman) en Elsevier persoonlik daarvoor sal borg staan, dat as hulle dit doen en onder verhoor "de behoorlyke antwoord" gee, hulle nie die minste leed sal aangedaan word nie. Bouman vra dan vir sy buurman, Gillis Sollier, om die brief aan Du Toit te besorg. Sollier willig in maar skrywe gelyktydig ook 'n persoonlike brief aan Du Toit, waarin hy hom 'n gebeurtenis uit sy eie lewe meedeel en hom aanraai om daaruit af te lei, wat of hom te doen staan. Ons gee hier die woorde van Sollier, soos hulle destyds, deur Tas waarskynlik, uit die oorspronklike Frans vertaal is: " 't Heugt my, dat ik in dienst zynde van den Koning van Vrankryk, en tot (te) Charlemont in bezetting, alle de trommelslagers van 't Regiment verliepen en ik nevens 4 Capitains en andere Officiers gecommandeert wierd om ze te achterhalen, gelyk wy deden tot in 't gezigt van Namen, daar wy ons borgen in een boeren huis; pas een uur daar in geweest zynde, quamen onze Tamboers aankloppen, die ons gewaar wordende, raakten zommige degens uit, en andere gingen lopen. Wy een van deze die geweer getrokken hadden, dodelik gequetst hebbende, vervolgden de andere. In 't nalopen zeide hun een van de Capitains: Kinders komt weerom; men zal u geen quaad doen; daar de Tamboers na luisterden en vroegen of op 't Capitains woord hun geen quaad zou wedervaren. Neen, myne kinders, antwoorden zy, op Capitains woord zal u geen leed geschieden. Dit verstaan hebbende keerden er agt weerom, die hun geweer neer leiden, en zig aan ons over gaven; in huis gekomen, bonden wy ze met

lonten, en zo na Charlemont, alwaar 's morgens de krygsraad vergadert om te overleggen, wat men met haar zoude; wierden zy verweezen, neus en ooren afgesneden, Lelien op de wangen gebrand, en voort voor al haar leven op de Galeyen te roeyen. Als deze elendige onder beuls handen waren, riepen zy, Capitains gy hebt ons bedrogen; uwe beloften zyn geweest, dat ons geen ramp zoude overkomen; die daar op antwoorden, gylieden zyt nu in handen van den koning; wy konnen UL. geen genade bewyzen."

Francois du Toit het die raad van sy vriend gevolg en is nooit gevang nie. Sy broer, Guilliam egter, en Hercules du Pré en Jakobus van Brakel is gepak, maar eers in Februarie en Maart van die volgende jaar, 1707, en hulle is met Adam Tas en Jakob Louw in April vrygestel.

Die toestand gedurende hierdie tyd werp 'n helder lig op die swakheid van die sentrale regering. Die goewerneur het die konstitusionele regte van die burgers verkrag, want volgens sy eie keuse, nie volgens die dubbele ko-opsielys nie, is die burgerrade, heemrade, ens., aangevul; maar dit het hom alles niks gebaat nie. Die koloniste buitkant die skiereiland was nog altyd selfregerend in dié sin, dat die besluite van die bewindvoerders in Kaapstad nie sonder hulle medewerking en toestemming kon uitgevoer word nie; en in 'n nog belangriker opsig het hulle getoon, dat selfbestuur diep by hulle ingewortel was: die regering wat wet en orde moes handhaaf, het sy mag daartoe verbeur, maar die gewone maatskaplike orde het ongestoord bly bestaan, ook onder die mense wat volgens amptelike plakkaat as rusverstoorders gedagvaar is. Die koloniste was dus op slot van sake selfregerend, nie uit hoofde van veranderlike wetsbepalinge nie, maar op grond van hulle eie wil en vermoë om deel te vorm van 'n ordelike samelewing.

§ 4. Die Val van Willem Adriaan van der Stel.

Terwyl Starrenburg nog besig was om mense in Stellenbosch en Drakenstein te arresteer, kom die eerste berigte van die oorwinning van die koloniste in Kaapstad aan. Op die retoervloot van die jaar 1707 was Jan Rotterdam, 'n oudburgerraad en die eerste ondertekenaar van die klagskrif. Van der Stel het 'n spesiale wrok teen hom gehad, omdat hy weens sy ouderdom en swakheid nie, soos die etiket dit geëis het, by die verskyning van die goewerneur in die kerk opgestaan het nie; en toe dit rugbaar geword het dat hy een van die samesweerders was, is hy na Batavia verban. Die outoriteite daar het egter weinig notiesie van die beskuldigings teen hom geneem; hulle

het hom baie vriendelik behandel en vrye passasie terug Kaaptoe gegee.

Gunstige privaat berigte is ook uit Nederland ontvang, en op 16 April 1707, seil die *Kattendyk*, wat voor 'n maand of vyf Nederland verlaat het, die Tafelbaai in, en die skipper oorhandig aan Willem Adriaan van der Stel 'n brief van Here XVII, gedateer 30 Oktober 1706. Die inhoud was as volg: Die goewerneur, die sekunde, die predikant van Kaapstad en die landros van Stellenbosch was uit hulle ampte ontslaan en moes met die eerste geleentheid na Nederland terugkeer. Tot tyd en wyl 'n nuwe goewerneur aankom, moes die Independentie Fiskaal, Blesius, met die Politieke Raad, die gesag voer. Frans van der Stel moes die Kaap verlaat en sou ook in geen ander besitting van die Kompanjie weer toegelaat word nie. Al die beskuldigings teen die burgers weens sameswering en hoogverraad moes as verval beskou word; die wat nog in die tronk sit, moes onmiddellik vrygestel word, en die bannelinge sou op regeringskoste na die Kaap terugkom.

Dit was meer as 'n oorwinning vir die burgers! Dit was 'n triomf!

Adam Tas stap weer as 'n vrye man op sy plaas rond, en hy noem dit: Libertas; — Tas is vry! Vryheid!

Die nuwe sekunde, d' Ableing, wat in Mei 1707 uit Indië aangekom het en tot die oornam van die regering deur die nuwe goewerneur, Louis van Assenburgh, in Februarie 1708, aan die hoof daarvan gestaan het, was 'n neef van Willem Adriaan van der Stel, en hy het dit bewerk dat die gevalle "tiran" met die ander afgedankte beamptes en Jonker Frans eers in die begin van 1708 met die retoervloot die Kaap verlaat het. By dié tyd was die besluite van Here XVII, met betrekking tot die plase, ens., van die hofklik reeds gedeeltelik uitgevoer. Simon van der Stel het in rustige besit gebly van Constansia tot sy dood toe, en op sy ou dag vind ons hom nog besig met spekulere en werskaf, altyd klaar om geld te maak as daar 'n kans is. Alle beamptes is egter voortaan streng verbied om grond te besit of te huur en om enige handel in koring wyn of vee te drywe. Die grondbesitters onder hulle kon hulle plase en boerderye vir eie rekening verkoop, maar as hulle te lank daarmee draal, sou dié besittings gekonfiskeer word. Willem Adriaan van der Stel kom nie heeltemal so maklik daarvan af nie. Vergelegen sou aan die Kompanjie terugval, aangesien die uitgifte daarvan deur Valkenier nooit aan Here XVII gerapporteer was nie. Dit moes in vier dele verkoop word en die huis moes afgebreek word. Die boumateriaal en die ander be-

sittings van Willem Adriaan van der Stel kon egter vir sy rekening van die hand gesit word. Die gewese goewerneur en sy vriende het op slot van sake 'n mooi deel van hulle "buit" behou. Petrus Kalden, b.v., het in 1708 vir sy plaas f20,500 gekry, 'n vorstelike bedrag volgens die geldwaarde van die tyd, wat hom in Nederland tot 'n ryk man kon maak. Vergelegen is in 1709 verkoop, en een van die vier nuwe eienaars was — Jakob van der Heiden!

Die haastige en besliste optree van Here XVII in hierdie hele saak wek enigszins ons verwondering. Ons moet egter ont-hou dat kolonisasie op 'n gesonde basis op hulle program ge-staan het. Hulle wou 'n bevolking van egte boere aan die Kaap hê, en dit was teen hulle wens en belang dat die boerestand deur 'n paar grootgrondbesitters sou verdring word. Verder, die klagskrif van die jaar 1706 was op verre na nie die eerste of enigste teken van onraad wat hulle bereik het nie. Henning Huising en sy twee vriende (Jan van Meerland is op die reis oorlede) het in Nederland aan Here Meesters wat reeds ingelig en voorberei was, hulle goeie saak voorgelê. Eindelik moet ook in herinnering gebring word, dat Here XVII destyds ongraag van moeilikhede in hulle besittings wou hoor. By elke ver-lenging van die oktrooi van die Kompanjie het die vyande van die ryk en bevoorregte liggaam hom skerp aangeval, en die Staat het hom goed laat betaal. Nou was die oktrooi wel in 1700 tot 1740 deur die State-Generaal verleng, maar die kritiek, veral oor die finansiële beheer van die Kompanjie, het nie ingesluimer nie, en dit is begryplik dat die bewindhebbers, waar die Neder-lande juis destyds die strategiese brandpunt van 'n groot Euro-pese oorlog was, alle troebele in die kolonies wou vermy; hulle kon vir die Republiek en die Kompanjie lastig en selfs gevaar-lik word.

§ 5. Wese en Betekenis van die Stryd.

Na sy ontslag het Willem Adriaan van der Stel 'n lang verdediging laat druk, die sogenaamde *Korte Deductie*, waarin hy aan die hand van die geradbraakte konfessies en ander materiaal die beskuldigings van die burgers, in die Klagskrif vervat, punt vir punt probeer weerlê. In antwoord hierop het Adam Tas en Jakob van der Heiden 'n groot boek, die *Contra-Deductie*, in 1712 uitgegee. Dit is 'n omslagtige uiteensetting van die hele konflikt maar baie waardevol, veral omdat die twee skrywers die moeite gedaan het om oor elke punt in die klag-skrif beëdigde verklarings van bevoegde persone te kry. Van der Stel en sy vriende word so deur hulle eie ondergeskiktes,

wat die werk op hulle plase vir hulle moes doen, veroordeel. Ook in ander boeke van die tyd is die gebeurtenisse aan die Kaap behandel. Abraham Bogaert, in wie se hande die klagskrif so veilig berus het, kies in sy *Historische Reizen* duidelik party vir die koloniste; so ook Kolbe, wat van 1705 tot 1713 aan die Kaap gewoon het en ons 'n uiters interessante, ofskoon nie altyd noukeurige, beskrywing van die lewe hier in sy tyd nagelaat het.

Omtrent vyf-en-twintig jaar gelede het die Kaapse argivaris, ds. Leibbrandt, die *Korte Deductie* in 'n Engelse vertaling onder die tittel, *Defence of W. A. van der Stel*, uitgegee, en sedert die tyd dateer eintlik die sogenaamde "Van der Stelkwessie." Leibbrandt en sy volgelinge het hartstogtelik vir die "verongelykte goewerneur" in die bres getree, terwyl ander skrywers, soos dr. Theal en prof. Fouché, aan die kant van die burgers staan. Daar behoort egter geen radikale verskil van opvatting oor hierdie saak te wees nie. Die gegewens wat ons besit is so volledig, dat 'n behoorlike studie daarvan tot ongeveer dieselfde gevolgtrekkings moet voer.

Die meeste van die maatreëls wat Willem Adriaan van der Stel tot sy verdediging aangewend het, getuig sterk teen hom. Ons bring in herinnering: die selfverheerlikende inhoud van die Sertifikaat van Volmaaktheid; die onbehoorlike manier waarop handtekenings daarvoor gekry is; die mishandeling van die gearresterde burgers om hulle tot herroeping te dwing; die verminking van hulle "Konfessies," en die eienaardige regterlike prosedure by die verhoor van die aangeklaagdes. As "een heerlik voorbeeld van zedigheyt en van seer goedertieren en sagtmoedigen aerdt" openbaar Van der Stel hom seker nie; ook nie, waar hy die konstitusionele regte van die koloniste verkrag en die ko-opsiestelsel opsy stoot nie.

Die groot vraag is egter of die klagtes van die burgers op waarheid berus het. Hoe verskillend die antwoorde hierop ook mag wees, dit bly 'n feit dat die beskuldigings, wat hoofsaaklik betref, deur die duidelikste bewyse gestaaf is.

In die eerste plek moet as absoluut vasstaande beskou word, dat vanaf 1700 'n beaampteboerdery op 'n buitensporige en ongehoorde skaal aan die Kaap ingevoer is.

In die tweede plek is dit heeltemal duidelik, dat die Kaapse mark, wat vee en wyn en somtyds ook koring betref, skaars die produksie van die toenemende gevestigde koloniste kon opneem, en dat hulle dus die inkom van die hofklikke as 'n gevaarlike konkurensie moes voel. Henning Huisling was alleen byna in staat om uit sy eie veetroppe in die behoefte aan vleis te voorsien; die jaarlikse afset van wyn het 600 lêers nie oortref nie;

en selfs in 'n slegte jaar soos 1705-6 is 400 sak koring na Indië uitgevoer, — en ons weet dat daar vir 'n groot uitbreiding van die eksporthandel weinig kans bestaan het.

In die derde plek is dit onteenseglik waar, dat die beamptes, én as produsente én as verkopers van hulle produkte, 'n bevoorregte posisie beklee het. Hulle het die belastings wat die gewone boer moes betaal vrygespring, en in die geval van Willem Adriaan van der Stel het ons duidelike bewyse, dat hy misbruik gemaak het van sy amptelike mag om die koste van sy boerdery te verminder en beter pryse as die burgers by die pagters te kry. As ons die beëdigde verklaarings van sy eie plaasopsigters moet glo, dan het hy werklik groot getalle Kompanjieslawe en beamptes, wat deur die Kompanjie besoldig is, in sy diens op Vergelegen gehad; en sy bedoeling by die aanstelling van Phijffer tot algemene wynpagter is so in-die-oog-lopend, dat dit nie nodig is om daarvoor verder uit te wei nie.

Of die goewerneur die koloniste ook meer direk benadeel en onderdruk het, of hy sy amptelike pligte versuim het, en of hy vir sy eie profyt veeruil gedrywe het, is vrae waarby ons nie hoef stil te staan nie. Dit kan waar wees dat die koloniste hieromtrent ongegronde bewerings in die klagskrif gemaak het, maar ver van die waarheid was hul nooit. Die goewerneur het groot "geskenke" aangeneem, en sy veestapel was self nog uitgebreider as die burgers vermoed het. Ons wil ons egter by die hoofsaak bepaal. Dat die goewerneur en sy vriende 'n onsuivere politiek gevolg het, wat bereken was om die koloniste te ruïneer, staan vas. Dat hulle bewus was van die onvermydelike end-resultaat van hulle politiek, kan ook nie in twyfel getrek word nie. Blesius, in 'n brief aan Here XVII, bevestig dat Elsevier in 1705 aan Willem Adriaan van der Stel gesê het: "Dat er over drie of vier jaar geene vryburgers meer aan de Kaap vannoden waren; en dat er voor hen (die beamptes) kans was, om met hun vieren of vyven de Maatschappye en de Kaap van alles te voorsien."

Ten gunste van die goewerneur word gewoonlik aangevoer, o.a.: sy progressiewe manier van boerdery, sy verbetering van die Kaapse wyn, sy vervroegde en verydelde poging om wolkape in te voer, en daarby word met trots gewys na die pragtige woonhuise, waarmec die kapitaliste-kliek destyds ons land begin verfraai het. Ons antwoord hierop is: dat kapitaliste altyd in staat is om progressief en weelderig te wees, maar dat die ekonomiese en kulturele vooruitgang van 'n aristokratiese oligargie, wanneer dit verkry word ten koste van die welvaart en geluk van die bevolking self, 'n vloek vir 'n land is. 'n Ver-

meerderde produksie is nie noodsaaklik 'n aanduiding van gesonde nasionale vooruitgang nie. Dit kan somtyds beteken, soos in hierdie geval, dat enkele bevoorregtes die bestaansmoontlikheid van breë kringe ondermyn en, nieteenstaande hulle eie veelgeprese progressiwiteit, kieme van verarming uitstrooi. Die rykdom van 'n land moet in die laaste instansie gemeet word volgens die aantal mense wat daarin, gesond en gelukkig, 'n beskaafde bestaan voer. Alles wat hulle beskeie welvarendheid bedreig en hulle getalle verminder, is verderflik en skadelik.

§ 6. Gevolge van die Stryd.

Die verset van die burgers was suiwer ekonomies van oorsprong. Hulle het geen konstitusionele griewe gehad nie. Hulle was tevrede met die bestaande regeringstelsel en wou alleen 'n verandering in die regeringspersoneel hê. As die stryd nie in hulle guns beslis was nie, sou hulle miskien die noodsaaklikheid gevoel het om te ondersoek of hulle politieke regte en vryhede genoegsaam gewaarborg was, en hulle sou miskien daaraan gaan twyfel het of hulle deur die burgerrade ook werklik effektief by die sentrale regering verteenwoordig was. Maar die noodsaaklikheid het hom nie voorgedoen nie, en één uitvloeisel van die oorwinning van die koloniste was juis 'n bestendiging van hulle vertroue in 'n konstitusionele sisteem, waaronder outokratiese wanbeheer nie onmoontlik geblyk het nie. Aan die ander kant moet egter ook gesê word, dat die suksesvolle verset van die burgers teen dwinglandy ook vir hulle konstitusionele ontwikkeling van groot betekenis was. Dit het hulle selfvertroue verhoog en hulle kinders en kindskinders aangespoor om sterk te staan en die geërfde vryheid te handhaaf. In 1779 bind die koloniste werklik 'n konstitusionele stryd teen die regering aan, en die herinnering aan die dae van Adam Tas het hulle bemoeidig en krag gegee.

Die stryd tussen Willem Adriaan van der Stel en die burgers het 'n belangrike uitwerking op die kolonisasie van ons land gehad. Aan die een kant het dit die toevloei van nuwe koloniste vir 'n tyd feitlik afgesny. Die bewindhebbers in Nederland was na die gebeurtenisse in Suid-Afrika nie gereed om emigrasie daarheen aan te moedig nie. Dieselfde vergadering van Here XVII (26 Oktober 1706), wat teen die goewerneur van die Kaap uitspraak gedaan het, besluit ook dat die verlof wat nog in 1700 aan die Kamers gegee is om "vrijeluiden, soo mans als vrouwen, vrij van cost- en transport-geld nae de Caap de bonne Esperance" te stuur, ingetrek en vernietig moes word! Aan die ander kant het die uitloop van die konflik

'n groot stoot en 'n nuwe rigting aan die uitbreiding van die koloniste oor die binneland gegee. Die veeposte van die gewese goewerneur was weldra in hulle besit, en in 1710 is die grond rondom die Warmbad (vandag Caledon) aan Ferdinand Appel, 'n voorbok onder die malkontente, toegeken. In die eerste jaar van sy regering het Willem Adriaan van der Stel die veeboerpioniers in die Land van Waveren gebring en hulle trek na die ooste langs die Brederivier af ingelei; in sy voetstappe het hulle ook na sy val die pad oor die Hottentots-Hollandberge ingeslaan.

Die koloniste staan so op die vooraand van 'n groot ontwikkeling, of, beter gesê, die môrelik van 'n nuwe tyd, waarin hulle die binneland anderkant die berge in beslag sou neem, wenk hulle reeds van die ooste toe. En hulle was klaar vir dié groot historiese taak, want hulle was verenig! Kolbe en ander tydgenote het reeds met nadruk daarop gewys dat in die hitte van die stryd teen Van der Stel rasverskille onder die koloniste uitgewis is. Manne wie se wieg in Nederland gestaan het, gebore Afrikaners en Hugenote het saamgestry en saamgely en 'n gesamentlike seëpraal behaal, en die natuurlike proses wat hulle onvermydelik tot één volk moes saamsmelt is verhaas. Gelukkig die nasie wat so tot 'n eenheid gesmee word, juis wanneer hy 'n groot werk moet opvat!

§ 7. Die Kaapse Samelewing aan die Begin van die Agtiende Eeu.

In die laaste jare van die eerste desennium van die agtiende eeu, d.w.s., kort na die vertrek van Willem Adriaan van der Stel, het die getal vrye koloniste (vroue en kinders ingesluit) die syfer 2,000 begin benader, en hulle besit aan slawe het op omtrent 1,500 gestaan. Onder die blankes was famielies met 10 tot 15 kinders nie seldsaam nie, en hulle vermeerdering, ook sonder immigrasie, in 'n paar geslagte tot 'n getalsterkte, wat 'n volk kon verteenwoordig, was vooruit te sien. Die slawe was minder kinderryk, maar die gereelde invoer uit Madagaskar en Oos-Afrika het hulle toename verseker en die bo-aangeduide numeriese verhouding van blankes tot gekleurde arbeiders bestendig. Hierdie invoer was verder verantwoordelik vir die voortbestaan van Maleis-Portugees aan die Kaap, die taal wat baie van die slawe voor hulle koms na Suid-Afrika vir die verkeer met blankes aangeleer het.

Die oorgroot meerderheid van die koloniste was boere, d.w.s. ekonomies-selfstandige mense. Ons hoef nie weer te herhaal nie, dat hulle verder op konstitusionele gebied vir 'n

groot deel selfbeskikkend was. Ons wil egter daaraan toevoeg dat hulle ook van nou af aan meer en meer blyke gee van 'n eie aparte nasionale lewe, van karaktertrekke, sedes en gewoontes, baie waarvan wel hulle noue verband met die Europese stamland aandui, maar wat hier tog 'n eg-Afrikaanse kleur begin kry. Die taal wat hulle gepraat het, sal hierdie toestand miskien beste weerspieël het. Ons is intussen te min ingelig oor die vorm wat dit in dié vroeë tyd gehad het, om hier reeds ons aandag daaraan te gee. 'n Beter geleentheid daartoe sal hom later voordoen. In die verbygaan mag ons egter daarop wys dat al die faktore wat tot die snelle vervorming van sewentiende-euse Nederlands tot Afrikaans bygedra het, aan die werk was. 'n Boerebevolking, sterk genoeg in getal om 'n aparte taalgroep te vorm, leef afgeskei van die oorspronklike kultuurland. Die skryftaal, wat dáár die natuurlike neiging van die spreektaal om hom te verander en te vereenvoudig strem, speel hier 'n veel kleiner rol, en naas hierdie gebrek aan 'n sterk remmende krag tree juis aan die Kaap te voorskyn invloede wat veranderinge moes verhaas: 'n aansienlike deel van die bevolking, Hugenote, Duitsers en slawe, moes Nederlands leer praat, en in hulle mond slyt die verbuigings maklik af. Ons sal egter later sien dat die Afrikaanse taal, nes die Afrikaanse volk, suiwer Europees gebly het. Die natuurlike afslytproses is deur die teenwoordigheid van die gekleurdes verhaas, maar op die wese en inhoud van ons taal het hulle weinig bespeurbare afgedrukte gelaat. Ons woordeskate en ons taalvorms is direk aan die Nederlands van die sewentiende eeu ontleen.

Waar ons oor die taal wat ons voorouers in hierdie tyd gepraat het, moet gis en teoretiseer, is ons gelukkig des te beter in staat om van hulle daaglikse lewe en omgewing 'n duidelike beeld te kry. Uit sy Dagboek weet ons presies hoe Tas en sy vriende geleef het, en verskillende besoekers het hulle indrukke in lywige boekdele vir ons nagelaat. Abraham Bogaert, die skeepsdokter wat die Burgers teen Willem Adriaan van der Stel gehelp het, wy in sy *Historische Reizen* (in 1711 gedruk) 156 bladsye aan 'n beskrywing van die Kaap. Hy kon enigsins met gesag praat, want hy het ses keer hier vertoef. Peter Kolbe kon in sy *Caput Bonae Spei Hodiernum* nog meer inligting verskaf, want hy het van 1705 tot 1713 in die Kolonie gewoon en was 'n tydlank sekretaris van die Stellenbosse Hof van Landdros en Heemrade. Ongelukkig is sy uiteensetting, oorspronklik in Duits uitgegee, nie altyd betroubaar nie, omdat hy te veel op sy geheue afgegaan het en somtyds ook deur sy verbeeldingskrag meegesleep is. Kolbe was egter juis die soort

man om veel van die Kaapse lewe te sien. Die astronomiese werk wat hy sou kom doen, het hy verwaarloos; hy wou liever lekker lewe en gesels. 'n Derde persoon wat hier moet genoem word is ds. Francois Valentyn. Sy *Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoop*, wat in 1726 verskyn het, is 'n onderdeel van 'n baie omvattende werk uit sy pen oor al die besittings van die Kompanjie. Die geleerde en ywerige dominee was die aangewese man vir so 'n taak. Hy het jare in die Ooste deurgebring en vier keer aan die Kaap versuim, waar hy hom daarop toegelê het om goed-gebaseerde informasie te versamel.

Vir 'n begrip van die samelewing aan die Kaap is 'n oorsig van die terrein wat die koloniste bewoon het, onontbeerlik. Die tydgenote verdeel dit gewoonlik in vier "Colonien":

1. die Stad met sy omgewing, d.w.s. die hele skiereiland tot aan die Tierberg;
2. Stellenbosch met die wyke Moddergat, Hottentots-Holland en die Bottelary en die belangrike Kompanjies-veepos, die Groenkloof;
3. Drakenstein, wat ook die Wamakersvallei, Riebeekskasteel, die Vier-en-Twintig Riviere en Piketberg ingesluit het;
4. die Land van Waveren.

Die koloniste was meestal boere en woon reeds taamlik verspreid. Hulle plase bedek egter nog nie die hele gebied wes van die berge nie. Afgesien van ver-verwyderde veeposte op die grense, was die vaste kolonisasie nog grotendeels beperk tot besonder vrugbare of gunstigeleë lokaliteite. Die eiendomme lê betreklik naby mekaar, veral langs die Eerste- en Bergriviere aaneengeskakel of rondom Tafelberg gegroepeer. Hierdie groepsgegewyse intensiewe kolonisasie, wat ook die gevolg was van die feit dat die boere nog hoofsaaklik die landbou beoefen het, en die algemene neiging of noodsaaklikheid om van tyd tot tyd Kaapstad 'n besoek te bring, het die onderlinge verkeer sterk bevorder en die opkom van klasse en skeidingslyne onder die burgers teengewerk. Ons taak word hierdeur vereenvoudig, want ons kan die maatskaplike lewe van die blankes vir 'n groot deel as 'n eenheid beskou en behandel.

Selfs in Kaapstad, waar daar tog 'n aansienlike en enigins afgesonderde stedelike bevolking woonagtig was, kon die lyn tussen die stad en die omliggende tuine en plase nie skerp getrek word nie. Veral van die see uit het die lae huise, byna almal van een verdieping, met hulle strooi dakke en die klein boerderijtjies langs die helling van die berg 'n sterk landelike

indruk gemaak. Aan wal gestap, het die besoeker gou die eintlike stad ontdek en tot sy spyt gevind dat dit minder mooi was as hy gedag het. Die meeste van die huise (daar was sowat 200) het op die ou aanleg van Jan van Riebeeck gestaan, maar hulle was nou digter op mekaar en ook verder na die kant van die Lecuberg uitgebrei. Die strate was baie ongelyk en nog teen die end van die sewentiende eeu was die oop stuk grond tussen die kasteel en die stad so vol gate, dat dit in die nag selfs lewensgevaarlik kon genoem word. Johanna Maria van Riebeeck, 'n kleindogter van ons eerste kommandeur en eggenote van goewerneur-generaal Joan van Hoorn, wat in 1710 die Kaap besoek het, skrywe o.m. as volg: „De wegen overal bij het Casteel en door de stadsstrate legge schuijns en over, met gaten als offer de wilde varckens het hadde omgevroet, soo dat men met vrees is van omvallen als men naar de stat sal ryden of de Compagnes tuijne.” Dit was seker geen maklike taak om hierdie terrein snags te patrolleer nie, 'n plig wat natuurlik aan die stadsburgers opgedra was. In verskillende afdelings as 'n burgerweg georganiseer, moes hulle almal om die beurt die ronde doen, op skelms pas en die nagtelike ure uitroep, maar wie dit kon bybring het professionele plaasvervangers gehuur om hierdie werk vir hulle te verrig.

Die wandelaar langs die oop sloot op, Adderleystraat van vandag, kon egter gou die stof van die Kaapse strate kwyt raak. Die mooi kerk op die linkerkant trek sy aandag; in die groot hospitaal regs, vlak teenoor die kerk, hoor hy miskien die gebrul van 'n armsalige soldaat, wie se been sonder verdowingsmiddels afgesit word, of hy sien die bleek gesig van 'n pasjent, wat deur bloedlatings genesing moet kry; hy laat eindelijk die smerige kasarm, waarin 500 Kompanjieslawe en -slavinne 'n onsedelike en onsedelike herberg het, so ver moontlik op sy regterhand; — en hy staan verruk in die groot Kompanjiestuin, 'n landelike lushof, die sieraad van die Kaap!

Die hoofdoel van die baastuinier was nog om groente en vrugte uit die tuin te lewer, en hy het daarvoor 'n hele plaas, 20 morge, tot sy beskikking gehad, maar die netjies omheinde akkers, die heerlik oorskadude wandelweë, die kabbelende waterstroompies en die groot verskeidenheid van sierlike bome en gewasse, het saamgewerk om die besoeker te bekoor. Valentytyn raak in ekstase oor al die skoonheid. So pragtig is dit alles, sê hy, „dat alle de thunen en fraaije plantagen, die ik in ons land of elders gesien heb, niet waardig zijn om bij dezen koninklijken Thuin eenigzins vergeleken te worden, alzoo men alles, wat alle de vermaarde thunen der aarde nuts en zeldzaams

uitleveren, hier alles bij een gezamelt ziet. . . . Men heeft in den zelve den schoonste lommer van allerlei soorten van boomen, behalve zeer fraaie en lustige prieelen, daar groente overloopt, en daar men zeer lang, zonder gevonden te kunnen worden, verborgen in zitten kan. Ook zijn er hier en daar in de paden verscheide rustbankjens onder overdekte en lommerrijke plaatzen bij deze en gene ruischende beekjens, dat aan de afgesloofde en scheurbuikziekte vlootelingen een ongemeene verquikking geeft, gelijk ook het vermaak van de wandeling in dezen Thuin op de drie groote paden, voor al als men van boven af na de rheede ziet, en zoo na beneden komt, met geen pen uit te drukken en nergens bij te vergelijken is, omdat de natuur en de kunst hiertoe alles, wat verlustigen kan, zoo volmaakt schijnen bij een gevoegt te hebben, dat men zich zelve, terwijl men dit beschouwt en aandagtig overweegt, daarin als verliest, behalven dat men zich ook, hoe meenigmaal men daarin zou mogen gewandelt hebben, noit daarin ten vollen vergenoegen kan, maar gestadig zich weder als met een nieuwe lust aangedaan vind, om weer op nieuw daarin te wandelen, dat ook daarom altijd even aangenaam voorkomt, omdat men er altijd weer iets in ontdekt, dat men bevoorens niet eens opgemerkt en over 't hoofd gezien had."

Die trek van hierdie tuin, die trek van die landelike lewe, was sterk. Die goewerneys het graag hulle amptelike woonvertrekke in die kasteel verlaat en in die huis, wat Willem Adriaan laat bou het, waar die Kaapse landvoogdelike residensie nou staan, verkwikking gesoek en hulle gaste onthaal. Ook die Kaapse burgers, onder wie dit 'n algemene gebruik was om vreemde besoekers teen betaling in hulle huise op te neem, het dikwels met hulle famielies en gaste hier kom wandel. Die vreemdeling moes hom dan veral nie koud toon teenoor die skoonheid wat Valentyn so verheerlik nie, want die Kapenaar was op hierdie punt baie gevoelig. Die Tuin was sy trots. Sommige oorsese krietisie het hulle wel minder gunstig oor Kaapstad en sy omgewing uitgelaat; hulle het gekla dat dit drie uitstekende kenmerke had — wind, vlieë en vlooië; maar ons sal liever nie na die gebrom van sulke vitters luister nie; ons sal aanneem dat die suidoos hulle vererg het; en ons sal liever mense van Valentyn se soort vergesel, ook waar hulle op baie plase by Rondebosch, in Hottentots-Holland, langs die Eerste-rivier en in Drakenstein, dieselfde bekoring as in die lane van die Kaapse tuin gesmaak het.

Die burgers was oor die algemeen betreklik welvarend. Die Kapenaars, getrou aan 'n handelsinstink wat geen wette en

regulasies heeltemal kon uitdoof nie, het 'n ope oog vir die geld van die vreemdeling gehad. Elke privaathuis byna was 'n soort van winkel, waar onder die hand baie transaksies plaasgevind het, sommige waarvan onwettig was, want die burgers, nes die beamptes, het nie ontsien om die monopolie van die Kompanjie aan te tas nie, en die koop en verkoop van oorsese produkte was nie tot die Kompanjieswinkel beperk nie. Hierdie kleinhandel het die Kapenaar geld in die sak gebring, maar sy nadelige invloed het ook nie uitgebly nie. Juis omdat dit op 'n klein skaal en vir 'n groot deel in die geheim moes plaasvind, kon dit moeilik breë en gesonde ekonomiese begrippe by sy beoefenaars laat ontstaan. Veral wanneer die groot retoervlote in die baai was, het die handel gefloreer en het Kaapstad uit sy landelike rus ontwaak. Meer as 2,000 matrose en ander besoekers was dan somtyds aan land, en pas uit die weelderige Ooste teruggekeer, het hulle nie so erg op 'n gulden of selfs 'n riksdaler meer geag nie, en die Kapenaar kon sy profyt maak. Die goeie burgers het dan ook nie altyd met 'n sug van verligting die trommelslaners deur die strate hoor gaan nie, wat vanaf die derde dag voor die vertrek van die vloot die matrose luidrugtig gewaarsku het om weer aan boord te kom.

Die landelike bevolking het miskien oor minder kontant geld beskik, maar hulle was op slot van sake nie minder welvarend as die stedelinge nie. Dit was juis omdat hulle dié beskeie welvaart geniet het en dit nie wou prysgee nie, dat hulle hul so kragtig teen Willem Adriaan van der Stel versit het. Pragtige herehuise soos die van Simon van der Stel, Henning Husing en Samuel Elsevier was wel nog die uitsondering, maar die minder swierige boerewonings, eenvoudige gegewel en met strooi, die opbrengs van die plaas self, gedek, waaromheen die jong akkerbome, wingerde en landerye van 'n vlytige en aangename bestaan getuig, het 'n vriendelike indruk gemaak, en die besoeker het gevoel dat hy op die grond van 'n selfstandige vryman, 'n toekomstige aristokraat, staan. Die welvarendheid van die bolandse boer van daardie tyd, soos trouens tot in die tweede helfte van die neëntiende eeu, het dan ook bestaan nie in geld nie, maar in sy plaas self. Dit was sy koninkryk. Hy het daarop en daarvan geleef en *ruim* geleef. Al was die pryse van sy produk dikwels baie sleg, kon hy op besoek in Kaapstad tog die klere, koffie, tée, suiker, speserye, ysterware, ens., wat sy lewensstandaard geëis het, aanskaf. Die totaalsom was nie groot nie. Alleen in sy slawe was 'n werklik aansienlike geldkapitaal belê.

'n Baie groot onderskeid tussen die bolandse boerebedryf

in hierdie jare en die van 'n paar geslagte gelede kan nie opgemerk word nie. Die werktuie was wel veel eenvoudiger; die ploeg b.v. het slegs 'n enkele baie smal skaar gehad; die paaie was uiters sleg, en die mense, mans en vroue, het makliker te perd of selfs te voet gegaan as ons grootouers; maar die hele atmosfeer van die plaaslewe en plaasbedryf was reeds eg-Afrikaans en tiepies-bolands. Gereelde agtereenvolgende werksaamhede het almal op die plaas die hele jaar deur onledig gehou. Wingerd-sny, wingerd-spit, saaiery, tuinmaak, vee-besorging, die graanoes, pars en wynmaak het maand na maand hulle eise gestel, en van tyd tot tyd het die swaar ossewaens deur die sandvlakte Kaap-toe geploë, maar vir die gesellige omgang, kerkbesoek, vandiesies en die "politiek" was daar ook tyd. Dit was 'n aangename, rustig-vlytige lewe. Geen wonder dat die beamptes graag daarin wou deel, en dat van die garnisoensoldate gewoonlik honderde as knegte onder die burgers uitverhuur was. Die Kompanjie het dit ook graag gesien, want gedurende die tyd wat hulle vir ander werk, het hulle geen soldy getrek nie.

Hier is 'n dag uit die lewe van Adam Tas, soos deur homself beskrywe, en waar dit so duidelik en sterk Afrikaans gekleur is, mag ons byvoeg dat dié indruk deur die lees van die Dagboek versterk word: "Vrydag den 3n Julij (1705) 's morgens was het mistig weer, dan 't en duurde niet lang, of de son begon helder door te schijnen, met wijngaardsnijden en spitten isser weder voortgang gemaakt, ook isser stroo in 't grootse hok gedragen. tegens de middag quam hier 't vrouwtje van Willem Nel ons brengende een stuk kalfs-vleesch. Des namiddags ten een uur ben ik met gezeijde vrouwtje en suster Barbara na Stellenbosch gewandeld om de voorbereijdens leerreden aan te hooren (Die volgende Sondag was Nagmaal.) de Heer Bek (die predikant) begon omtrent ten drie uren te predicken, hij nam zijn text uit het 51 snaarlied van den Koning David, en daar uijt het 19 vers; na 't eijndigen der preeke, wierde door den kerkredenaar van de kanssel afgelesen als datter twee ledematen op kerkelijke attestatien waren aangenomen, namelijk juffrw. van der Lit en haar oudste dogter. de voorzanger heeft dese reijs (keer) droevig langzaam en laag gezongen, te weten het 51. snaargezang; toen men uijt de kerk ging, was de zon niet zeer hoog boven de kimmen, ter oorzake dat den preeker al te laat begon te leeraren; zulx komt niet wel voor de menschen die wat verre van de hand woenen. Ook riep den preeker. . . ., dat de menschen aanstaande Sondag wat

vroeg moesten school, ik meen te kerk komen; hierop is een ijder de kerk uijt na huijs geslenterd.”

Nieteenstaande hierdie byna moderne beeld het die kerklike lewe egter ook eenaardige kentekens van die tyd gedra. Dit was styf en formeel. Die preke was koud-dogmatics. Alles moes na wet en orde gaan. Tas vererg hom, wanneer die dominee na die inseëning van nuwe kerkraadslede, waarvan hy een was, van die preekstoel afklim en hulle 'n hartlike handdruk gee, en wie naby genoeg gewoon het en nie tot die Nagmaal deur die predikant self of na 'n begrafnis deur die koster officieel uitgenooi was nie, het so 'n versuim as 'n belediging beskou.

Hierdie styfheid openbaar hom ook in die algemene sosiale lewe en omgang veral onder die Kaapse beamptekringe, waarin die vermoënde vrye stedelinge hulle ook beweeg het. Die nou-gesette onderskeidinge, wat in Europa en Indië die reël was, kon hier aantref word. Die rang was volgens die ampstietel en wee die “koopman” wat dit gewaag het om vóór 'n “opperkoopman” in 'n vergadering te praat of in 'n begrafnisstoet sy plek in te neem! Nog groter was die opskudding as die vrou van 'n ondergeskikte haar stoel in die kerk voor dié van 'n hoër-staande suster laat stel!

Die kragtige lewenslustigheid en gemoedelikheid van die sewentiende-eeuse Nederlanders het egter, onder die burgerlike bevolking in elk geval, bly voortbestaan, en veral in feestelikhede van allerlei aard uiting gevind. Ons sal die begrafnismaal, wat na die terugkeer van die kerkhof in die sterfhuis moes aangebied word, nie hieronder opnoem nie, want onder fatsoenlike mense was dit 'n plegtige en stil onthaal van belangstellende vriende. Dat dit egter somtyds tot iets minder stigteliks ontaard het, kan nie betwyfel word nie. Om Arij, die kneeg van oom Henning Huising, “met goed fatsoen” te laat begrawe, stuur Adam Tas: 5 emmers wyn, 1 ham, 3 gebraaide boue en 3 brode! Hoe dié plegtigheid afgeloop het, en of Arij se vriende vir hulle goed gedra het, word ons ongelukkig nie vermeld nie.

'n Huwelik was gewoonlik 'n groot feestelikheid, of liewer dit het met 'n hele reeks van feestelikhede gepaard gegaan. Nadat die huwelikskommissaris, wat in die geval van welgestelde stedelike families vir die doel na die huis van die bruid uitgenooi is, hulle verlof tot die voorgenome stap gegee het, moes die gebooie drie Sondae agtermekaar in die Kerk afgelees word, en in hierdie veertien dae moes die bruidsouers die gelukwensende gaste op 'n swierige skaal trakteer. 'n Tafel

belaaï met wyn, bier, koffie, tee en eetware in groot verskeidenheid het in die ontvangkamer gepryk; die dames het op stoele langs die mure gesit, en dit was die plig en voorreg van die here om hulle te bedien. Die tafel is eindelijk opsy geskuiwe, en die geselligheid het in 'n vrolike dans oorgegaan. Op die Sondag van die laaste gebod het die inseëning van die huwelik plaasgevind, en dieselfde aand is dit op die ewe beskrewe manier verder gevier. Gasmale het dikwels plaasgevind, en terwyl dit 'n skande vir 'n ordentlike man was om in die publiek dronk gesien te word, kon hy by sulke geleenthede en ook in kleiner gesellige kringe dit nogal ver drywe sonder om sy "fatsoen" te verloor. Tas vertel ons hoe op 'n lustige herepartytjie in Kaapstad "de krankebedroever Lussing vol zoeten wijns was," en oor sy eie terugkeer na 'n flinke eetmaal by 'n buurman as volg: "Ik ben eijndelijk vol en zoet met suster na huijs geslentert en zoo rechtstreeks 'thuys gegaan off ik met een leijn getrokken wierde, maar toen ik thuijs in stilstand geraakte, bevond ik welhaast dat ik 't niet van hooren zeggen hadde, maar dat ik paaij Bachus zelfs hadde gesprooken." Dit was orals in die beskaafde Europese wêreld 'n tyd waarin volgens ons beskouings sterk drank in oormaat gedrink is, gedeeltelik omdat die gebruik van koffie en tee nie so algemeen was nie, en as Suid-Afrika, 'n wyn-produuserende land, op hierdie reël geen uitsondering was nie, kan ons ons daarvoor nie verwonder nie. Die gesellige verkeer het egter nie altyd, veral nie as daar dames teenwoordig was nie, tot alkoholiese vrolikheid gelei nie, en 'n geselde dronkaard was gou as sulks gebrandmerk. Ons verneem dikwels van kuierpartytjies waar in alle eerbaarheid 'n paar glasies wyn of 'n koppie koffie of tee gedrink is, en waar met gepeusel, gesels of 'n potjie kaart 'n aand prettig verbygaan. Die here rook dan uit langsteel-erdepyne, waarvan in elke huis 'n behoorlike voorraad voorhande was.

Vandiesies was baie gesellige byeenkomste. In die stad is wyn en 'n pyp tabak aan die kopers aangebied, maar op die platteland is hulle selfs op 'n maalyd getrakteer. Die manier van opveil was eienaardig en word nog in ons woord *afslaer* weerspieël. Die "vendumeester," 'n beampste, laat die omstanders bied, en wie die hoogste bod maak, kry die "strykgeld," wat volgens die waarde van die opgeveilde artikel wissel; maar die koop word nog nie op hom toegeslaan nie. Die afslaer begin weer, 'n paar kerwe hoër as die hoogste bod was, sak langsaam laer, en as iemand "myn" sê vóór die hoogste bod weer bereik is, dan is hy die koper, maar as almal stil bly,

omdat hulle nie meer wil betaal as reeds aangebied is nie, dan moet die hoogste bieder met die "strykgeld" ook die verantwoordelijkheid van die koop aanvaar. Die jaarlikse miliesie-oefeninge, wat gewoonlik net voor die oestyd in Kaapstad en Stellenbosch plaasgevind het, was ook vermaaklike tye; en die burger-kommando uit Drakenstein en Land Waveren wat vir Starrenburg aan so 'n lastige katkisasie onderwerp het, was vererger en teleurgestel, o.a. omdat hulle nie die plesier sou hê om die jaar vir eksersiesie byeen te kom nie.

Die slawe, wat natuurlik ook aan sulke veilinge onderwerp was, het vir die res oor die algemeen 'n bestaan gevoer wat dikwels gunstig afgesteek het by die lewenswyse en omstandighede van baie van hulle vrye nakomelinge. Veral die huisslawe was waardevolle lede van die huislike gemeenskap en is as sulks behandel, terwyl die plaasslawe ongeveer geleef het soos die vrye plaasvolk van die boland tot in die tweede helfte van die negentiende eeu, en minder as hulle aan 'n onversorgde ouderdom blootgestel was. Wettige huwelike het wel nie onder hulle plaasgevind nie, maar die boer het beter vir hulle sedelike en stofflike belange gesorg as die Kompanjie. 'n Slaaf, wat op 'n plaas gewoon het of andersins privaat besit was, het gewoonlik 'n slavin tot 'n vaste vrou gehad, en die gewoonte om stukkie grond vir tuintjies aan hulle af te staan, word reeds algemeen aangetref. In 'n tyd toe die wette vir almal baie streng en die strawwe dikwels onmenslik wreed was, spreek dit eger vanself, dat die slaaf wat verbrou 'n harde behandeling moes verwag. Die doodstraf is maklik toegepas, en een gevolg hiervan was dat 'n slaaf wat dit gewaag het om hom te vergeet, ook maklik tot die uiterste gegaan het. Ons lees in hierdie tyd b.v. van 'n aantal wat gedros het. In die Groenkloof het hulle 'n Duitse vewagter gevang, en terwyl hy met die dood voor oë nog besig was om te bid, skree hulle: "Maak gou; ons kannie so lank wag nie," en hulle vermoor hom. Na ander afgryslieke wandade is hulle gevang, na die Kasteel gebring en in die Donker Gat gegooi. Vyf is lewendig geradbraak, nadat die vel met gloeiende tange van hulle lyf geknyp is. Kolbe verbaas hom oor die uithou-vermoë van die armsalige skepsels. Hy sê hulle het onder al die foltering geen klag geuit nie, en eindelik alleen, toe hulle met verbryselde arms en bene aan die rad hang, op Portugees om water gevra.

Dit is gevalle soos hierdie wat ons skielik herinner dat ons nog aan die begin van die agtiende eeu is. Anders sou ons geneig wees om te vergeet dat Tas en sy tydgenote tweehonderd jare gelede geleef het. Hulle lewenswyse en geaardheid

F